**Rapporteerbaar**

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**[KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING]**

**SAAKNO: SS60/2002**

**In die saak van:**

**DIE STAAT**

**teen**

| | |
|---|---|
| **MICHAEL BOOYSEN** | **Beskuldigde no. 1** |
| **RICARDO WEPENER** | **Beskuldigde no. 2** |
| **PETER PAULSEN** | **Beskuldigde no. 3** |
| **MOGAMAT RAFIEK SNYDERS** | **Beskuldigde no. 4** |
| **DINO DANIELS** | **Beskuldigde no. 5** |
| **KEITH VAN DER WESTHUIZEN** | **Beskuldigde no. 6** |
| **RICARDO DE VILLIERS** | **Beskuldigde no. 7** |

---

**UITSPRAAK GELEWER OP 22 JULIE 2003**

---

**H.J. ERASMUS, R:**

**Inleiding**

Hierdie saak, wat reeds op 15 Oktober 2002 begin het, het met heelwat rukke en stote verloop. Die gladde verloop van 'n saak soos hierdie verg die samewerking nie net van die advokate wat namens die Staat en die verdediging optree nie, maar ook van 'n groot verskeidenheid amptenare verbonde aan verskillende departemente. Nou dat ons in die peilvlak is, wil ek graag almal bedank wat hul deel daartoe bygedra het om die saak met die minste ontwrigting te laat verloop.

'n Groot deel van die tydsverspilling in hierdie saak is veroorsaak deur probleme in verband met die regsverteenwoordiging van beskuldigde een. Ook hierdie probleme is mettertyd oorkom, onder meer omdat Mev Smit, wat aanvanklik net namens beskuldigde vyf opgetree het, bereid was om ook namens beskuldigde een in die bres te tree nadat sy haar daarvan vergewis het dat daar geen botsing van belange tussen beskuldigdes een en vyf is nie.

Ek wil graag ook my assessor, Mnr Tucker, bedank vir sy raad en bystand. In die besonder wil ek hom bedank vir die lang ure wat hy saam met my deurgebring het in die bespreking van die saak en die voorbereiding van hierdie uitspraak.

**Aanklag en pleit**

Die beskuldigdes staan tereg op een aanklag van moord, ses aanklagte van poging tot moord, en agt aanklagte onder die Wet op Wapens en Ammunisie

75 van 1969.

Beskuldigde ses, Keith van der Westhuizen, wat uit is op borg, het nie by die verhoor opgedaag nie. Die Staat het besluit om met die verhoor voort te gaan teen die ander ses beskuldigdes.

Die beskuldigdes het by die aanvang van die verhoor onskuldig gepleit op al die aanklagte. Hulle het almal, behalwe beskuldigde sewe, verkies om te swyg en geen pleitverduideliking is ingehandig nie. Beskuldigdes een, twee, vyf en sewe het by monde van hul regsverteenwoordigers te kenne gegee dat hul verdediging op ‘n alibi berus. ‘n Pleitverduideliking is namens beskuldigde sewe ingehandig en as Bewysstyk “A” ontvang.

By die sluiting van die Staat se saak is ingevolge artikel 174 van die Strafproseswet 51 van 1977 (“die Strafproseswet”) aansoek gedoen vir die ontslag van beskuldigdes vier, vyf en sewe. Die aansoeke is nie deur die Staat teengestaan nie. Beskuldigde vier is onskuldig bevind en ontslaan. Die aansoeke van beskuldigdes vyf en sewe is van die hand gewys. Ek het aangedui dat my redes vir die afwysing van hul aansoeke gegee sal word in my uitspraak aan die einde van die saak.

**Wapens en ammunisie**

Aanklagte 8 tot 15, die aanklagte onder die Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969, spruit uit die vonds van ‘n groot arsenaal wapens waarop die Polisie op 15 Oktober 1999 afgekom het by Kosmosstraat 61, Bellville-Suid.

Superintendent Linde wat verbonde is aan die afdeling misdaadintelligensie van die Suid-Afrikaanse Polisiediens het getuig dat hy tydens Oktober 1999 inligting ontvang het oor versteekte vuurwapens. Hy het lasbriewe verkry om verskillende persele in Elsiesrivier, Kraaifontein, Bellville-Suid en Ruiterwag te deursoek.

Op 15 Oktober 1999 was Superintendent Linde in bevel van ‘n taakmag van sowat 12 tot 15 lede van die Polisiediens wat die persele deursoek het. Die taakmag is in groepe verdeel en elke groep het een of meer van die persele

deursoek.

Superintendent Linde, Inspekteur Burgess en Sersant Nel was deel van die groep wat die deursoeking by Kosmosstraat 61, Belville-Suid gedoen het.

Die deursoeking van die huis het niks opgelewer nie. In die agterplaas was daar ‘n houthuisie. Die huisie is aan die binnekant in twee “vertrekke” verdeel deur middel van ‘n hangkas. In die slaapgedeelte van die huisie het Sersant Nel in die hangkas op ‘n groot aantal vuurwapens en ammunisie afgekom. Die vuurwapens en ammunisie is na buite geneem waar dit gefotografeer is deur ‘n polisiefotograaf wat na die toneel ontbied is. Hierdie fotos maak deel uit van die bundel fotos wat as Bewusstuk “E” ingehandig is. Die bundel bevat ook fotos van die houthuisie.

Daar is beslag gelê op die wapens en die ammunisie wat mettertyd aan die PKRS en die Ballistiek-eenheid vir ondersoek oorhandig is. Daar is bevind dat sommige van die wapens van militêre oorsprong is. Daar is ook bevind dat een van die vuurwapens, ‘n 9mm Parabellum pistool, verbind kan word met dertien van die veertien afgevuurde doppies wat gevind is op die toneel van die skietery wat in hierdie saak ter sprake is.

Die eienaar van die huis te Kosmosstraat 61, die 77-jarige Mnr Peter Adams, het getuig dat sy jonger broer agter in die erf in die houthuisie gewoon het. Sy broer, Mnr Alexander Adams, het getuig dat die wapens daar weggesteek is deur sy (Alexander Adams) se seun Fiekie wat vir hom gesê het dat dit die “ouens” se vuurwapens is. Hy het ook gesê dat Fiekie ‘n lid van die Sexy Boys bende is.

Fiekie is beskuldigde vier. Hy is, soos reeds vermeld, by die sluiting van die Staat se saak ingevolge artikel 174 van die Strafproseswet onskuldig bevind en ontslaan. Die redes vir sy ontslag is kortliks die volgende: geeneen van die getuies plaas beskuldigde vier op die toneel van die skietery wat die onderwerp van hierdie saak vorm nie. Hy word met die wapens wat gevind is, verbind slegs deur die getuienis van sy vader, Mnr Alexander Adams.

Mnr Adams het teenstrydige verklarings aan die polisie gemaak en sy getuienis in die hof was ook vol leemtes. Indringende kruisondervraging deur Mnr Fourie, wat namens beskuldigde vier opgetree het, het getoon dat daar geen waarde hoegenaamd geheg kan word aan die getuienis van Mnr Alexander Adams nie. Beskuldigde vier is derhalwe aan die einde van die Staat se saak onskuldig bevind en ontslaan.

**Inspeksie ter plaatse**

Op Woensdag 30 Oktober 2002 is 'n inspeksie ter plaatse gehou by Chestnut Place in Belhar waar die skietvoorval plaasgevind het waartydens die oorledene dood is en verskeie ander persone skietwonde opgedoen het.

Die inspeksie het 'n nuttige funksie vervul in dié opsig dat dit die lede van die Hof in staat gestel het om, as ek dit so mag stel, 'n "gevoel" van Chestnut Place en omgewing te kry, en om die fotomateriaal en getuienis beter te begryp.

'n Sketsplan van die omgewing (nie volgens skaal) is by ooreenkoms ingehandig as Bewysstuk "W". 'n Groot en klein lugfoto van die omgewing is ook by ooreenkoms ingehandig as, onderskeidelik, Bewystukke "X" en "Y".

Tydens die verhoor is verskillende getuies gevra om op Bewysstuk "W" te merk waar hulle persone waargeneem het. Aan elkeen van hulle is 'n blanko kopie van die Bewysstuk oorhandig en die getuie het dan sy of haar waarnemings op die sketsplan aangebring. Die naam van die getuie is aangebring op die betrokke afskrif van die sketsplan. Daar is dus verskeie weergawes van Bewysstuk "W" in die rekord van die verrigtinge, elkeen met die naam van 'n getuie daarop.

Op Bewysstukke "W" en "Y" is sommige van die woonstelblokke by Chestnut Place gemerk as woonstelblokke A, B, C, D en E. Hierdie vyf woonstelblokke figureer prominent in die beskrywing van die gebeure.

Tussen die verskillende woonstelblokke is daar straatligte en drie hoë maste met spreiligte. Hierdie straat- en spreiligte word op Bewysstuk "W" aangetoon en is ook sigbaar op die lugfoto Bewysstuk "Y".

**Bendes in Belhar**

Die skietvoorval het in Belhar plaasgevind, 'n dorpsgebied wat deel van groter Kaapstad vorm. Tydens die verhoor is 'n skrikwekkende beeld geskets

van die terreur van bendebedrywighede tydens die negentiger-jare in die gebied. Ons het gehoor van moorde, aanrandings en skietgevegte op straat, in die woonbuurtes en selfs by die begraafplaas. Tydens die verhoor is ‘n dokument van Polisie-oorsprong (Bewysstuk “AAA”) via beskuldigde een voor ons geplaas waarop aangetoon word dat daar in Chestnut Place en onmiddelike omgewing tydens die periode 17 Oktober 1993 tot 6 Julie 1999, sestien (16) gevalle van moord en vier-en-twintig (24) gevalle van poging tot moord was. Dit sluit die moord en ses gevalle van poging tot moord in wat die onderwerp van hierdie saak vorm. Die lys is nie ‘n volledige weergawe van al die gevalle van moord en poging tot moord in Belhar in die tydperk nie. Die moord op die jonger broer van beskuldigde een verskyn byvoorbeeld nie op die lys nie.

Die gemeenskap was heeltemaal gekondisioneer tot die skietery in hul omgewing. As daar ‘n skietery begin, word die deure gesluit en die kinders word na die gang van die huis of woonstel geneem waar hulle die minste blootstelling aan verdwaalde koeëls het.

Mense wat taxis of smokkelhuise bedryf het, is deur die bendes gedwing om ‘n “tax” (soos dit gestel is) te betaal anders is hulle aangerand of doodgeskiet of hul besighede is aangeval. Die heffing van beskermingsgeld (“protection money”) van hierdie aard is skynbaar standaardpraktyk in gebiede waar bendes aktief is.

Daar was tydens die negentigerjare veral drie bendes aktief in die Belhar-gebied: die Sexy Boys, die Dixie Boys en die Back Street Kids. Die Sexy Boys het 'n verbintenis gehad met die bekende 26 tronkbende. Die Dixy Boys en die Back Street Kids het weer verbintenisse gehad met die 28 tronkbende. Die die 28's, die Dixie Boys en die Back Street Kids het ook deel gevorm van 'n oorkoepelende bende-organisasie wat die Firm genoem is. Die Firm was skynbaar ook in ander woonbuurtes aanwesig waar bendes soos die Hard Livings deel uitgemaak het van die 28’s en die Firm.

Die bendebedrywighede in Belhar is gekenmerk deur gevegte wat soms die vorm van 'n guerilla oorlog aangeneem het tussen die Sexy Boys aan die een kant, en die Dixie Boys en die Back Street Kids aan die ander kant. Die gevegte was grootliks territoriaal van aard en het gegaan oor die beheer van smokkelbedrywighede -- die smokkel van drank en dwelmmiddels. 'n Bende

wat die smokkelbedrywighede in 'n bepaalde gebied beheer het, het geen mededinging in daardie gebied geduld van mense wat nie aan daardie bende behoort nie. Volgens verskeie getuies het die Sexy Boys gereeld by Chestnut Place op die Dixie Boys en die Back Street Kids geskiet.

Die leier van die Back Street Kids was Kenneth Brown. Hy en die lede van sy uitgebreide familie het smokkelbedrywighede in die Chestnut Place omgewing bedryf. Die bymekaarkomplek van die Back Street Kids was by 'n woonstelblok in Chestnut Place.

Die bymekaarkomplek van die Sexy Boys was by 'n winkelkompleks op die hoek van Chestnutweg en Gousblomstraat. By die winkelkompleks het die Booysen-familie, waarvan beskuldigde een lid is, 'n wettige drankwinkel bedryf en ook 'n "game-shop" wat bestuur is deur beskuldigde een se swaer.

Aan die kant van beskuldigde een is ontken dat hy lid of leier is van die Sexy Boys, en is daar aangevoer dat die Booysen-familie nie betrokke is by bendebedrywighede nie: die familie het wettige sakeondernemings bedryf en beskuldigde een se vader, moeder en broer (Jerome of "Donkie") beklee reeds jarelank vaste betrekkings.

Die Sexy Boys het skynbaar mettertyd die oorhand gekry. Volgens die getuienis was daar teen 1999 reeds soveel van die Dixie Boys en die Back Street Kids  uitgewis dat die bendes as sodanig eintlik nie meer aktief was nie en daar slegs 'n paar individuele lede, en oud-lede, oorgebly het.

Die getuies wat namens die Staat getuig het oor die gebeure van die aand van die skietery by Chestnut Place is almal afkomstig van Chestnut Place of die onmiddellike omgewing. Sommige van hulle is, of was, lede van die Dixie Boys, die Back Street Kids, die 28 tronkbende of die Firm. Sommige van hulle het ook verbintenisse met die Brown familie.

Die verhoor het soms byna die vorm aangeneem van ‘n Brown teen Booysen vete. Beskuldigde een voer aan dat daar ‘n sameswering aan die kant van die Brown-familie bestaaan om hom valslik te inkrimineer, en dat die getuienis wat hom en die ander beskuldigdes op die toneel van die skietery plaas, vals en gefingeer is.

Onmin tussen sekere inwoners van Chestnut Place en die beskuldigdes het,

volgens getuienis wat aangebied is (ons het dit nie self waargeneem nie), tydens die inspeksie ter plaatse na vore gekom. Opmerkings is heen en weer geskree en handgebare is wedersyds gemaak, in die besonder die gebaar met die voorvinger wat oor die keel getrek word om aan te dui dat iemand keel-af gesny (doodgemaak) sal word. Ná die inspeksie het beskuldigde een 'n aanklag gelê teen twee van die staatsgetuies wat deel uitgemaak het van die skare wat die inspeksie gadegeslaan het, tw Adriaan Tarentaal en Llwellyn Isaacs.

**<u>Vredespogings</u>**

Tydens 1998 is pogings aangewend om vrede tussen die bendes in die Kaapse metropolitaanse gebied te bewerkstellig. Volgens Kaptein Stoffels, wat lank lid was van die bende-ondersoek-eenheid in die Wes-Kaap, het prominente bende-leiers soos Colin Stanfield, Ernie (Ernest) Lapepa Peters, Ernie Lastag Solomons en Rashied Staggie deelgeneem aan die proses. Die vredespoging het bekend gestaan as CORE, die afkorting vir "Community Outreach". Naas die bendeleiers het sekere kerkleiers, in die persone onder meer van pastore Lesch en Elvin Martin, en persone uit die akademiese gemeenskap, deelgeneem aan die vredespoging.

Beskuldigde een en sy broer Jerome het deelgeneem aan die aktiwiteite van CORE. Die Staat voer aan dat beskuldigde een deel was van CORE in sy hoedanigheid as leier van die Sexy Boys. Beskuldigde een gee te kenne dat hy en sy broer by CORE betrek is vanweë die prominente posisie wat die Booysen-familie in Belhar beklee het as sakeleiers en leiers op die gebied van sport, veral deur hul betrokkenheid by die Belhar rugbyklub.

CORE het 'n "raad" of "uitvoerende komitee" gehad wat bestaan het uit Ivan Waldeck as president, Jerome Booysen as vise-president en ander prominente bendeleiers soos Lapepa en Lastag, en Pastoor Martin as lede.

Volgens beskuldigde een het die lofwaardige doestellings van CORE mettertyd in die agtergrond verdwyn. Kaptein Stoffels bevestig dat CORE mettertyd 'n rookskerm vir misdaad geword het. Volgens beskuldigde een het CORE begin om beskermingsgeld te hef ten einde fondse te verkry om dwelms vanaf Mumbai in Indië in te voer. Die heffing het gewissel na

gelang van die omvang van ‘n persoon se besigheid. ‘n Smokkelaar van drank en dwelms met ‘n groot omset kon ‘n heffing van soveel as R200 000.00 betaal het. Die eienaars van taxis moes ook beskermingsgeld betaal. Op hierdie manier is daar, volgens beskuldigde een, ‘n bedrag van sowat twee-en-‘n-half miljoen Rand ingesamel. Dit het nie in die getuienis na vore gekom hoe die winste verdeel sou word wat uit hierdie smokkel-bedrywighede gemaak sou word nie.

Later is daar besluit om teen PAGAD op te tree. Opdragte is gegee, en wapens is uitgedeel, om geselekteerde teikens, huise van lede van PAGAD, aan te val. Beskuldigde een sê dat hy nie bereid was om met hierdie verwikkeling mee te gaan nie en hy en sy broer het hulle van CORE onttrek. Daarna is daar 'n volskaalse oorlog deur die Firm teen die Booysens gevoer. Beskuldigde een se jonger broer is in die proses doodgeskiet, 'n aanslag wat skynbaar eintlik gemik was teen beskuldigde een.

CORE was nie ‘n sukses nie en het mettertyd doodgeloop. ‘n Latere, tweede vredespogingpoging, bekend as CORE II was ewe-eens nie ‘n sukses nie. Daar sal later teruggekom word op CORE II.

**<u>Die gebeure van 21 Junie 1999</u>**

Die skietvoorval waartydens die oorledene dood is, het op die aand van 21 Junie 1999 by Chestnut Place plaasgevind. Verskeie van die persone op wie daar geskiet is, en verskeie persone wat die skietery vanuit woonstelle waargeneem het, het getuig. Soos die beskuldigdes wat elkeen ‘n bynaam het, het die meeste van die getuies byname en is daar in die getuienis verwys na al hierdie persone by wyse van hul byname. Sommige persone, beskuldigdes of ander getuies, was aan sommige van die getuies bekend slegs aan hul byname. As ek in my uitspraak na persone verwys by wyse van hul byname, doen ek dit nie uit gebrek aan eerbied vir hul persoon nie, maar omdat hulle aldus in die gemeenskap bekend is en omdat daar aldus na hulle verwys word in die rekord van die verrigtinge.

Die beskuldigdes staan bekend onder die volgende byname:

| | | |
|---|---|---|
| Beskuldige een | -- | Kanakie |
| Beskuldige twee | -- | Kat of Katte |
| Beskuldige drie | -- | Pikes |
| Beskuldige vier | -- | Fiekie |
| Beskuldige vyf | -- | Dino |
| Beskuldige sewe | -- | Klein Kat |

In die oop ruimte tussen woonstelblokke B, C D en E is daar ‘n speelparkie vir kinders. Daar is swaaie en ‘n ronde speelwiel wat in die rondte kan draai en waarop die kinders kan ry. Na hierdie speelwiel is daar in die getuienis verwys as “die wiel” of “die piering”.

Op die aand van 21 Junie 1999 het ‘n groepie jong mans in die omgewing van die piering rondom ‘n vuur gestaan en gesels. Die groepie het bestaan uit:

| | | |
|---|---|---|
| Riaan Ricardo Clifford | -- | Cheese |
| Ruduwaan Cassiem | -- | Ghadaffi |
| Adriaan Tarentaal | -- | Abbie |
| Mogamat Field | -- | Zarak |
| Martin Japhta | -- | Oudste |
| Jason Idas | -- | Jason (die oorledene) |
| Llewellyn Isaacs | -- | Laksman |
| Ismail Hendricks | -- | Ougat |

Hulle het nie gelyktydig daar opgedaag nie, en almal het nie deurentyd by die vuur gebly nie. Die oorledene en Zarak het 10 tot 15 minute voor die skietery begin het opgedaag. Llewellyn Isaacs was a rukkie by die vuur maar het later met sy meisie tussen woonstelblokke B en C gaan staan en gesels. Hy was nog besig om daar met haar te gesels toe die skietery begin.

Die manne by die vuur het ‘n pyp van groen dagga gemaak. Die pyp is van die een na die ander aangegee en elkeen het sy skyf gevat. Nie almal van hulle het gerook nie. Abbie Tarentaal was een van die wat nie gerook het nie want hy het nie destyds dagga gerook nie.

Om ongeveer 21h30 na 22h00 is daar skielik vanuit verskillende rigtings op hulle geskiet. Die geskiet was aanhoudend en het soos dié van outomatiese

wapens geklink. Die groepie mans het weggehardloop. Een van hulle het heeltemaal weggehardloop van die toneel af. Die ander het gaan skuiling soek in die naaste woonstel, naamlik woonstel 115 op die grondvloer van woonstelblok D.

Soos blyk uit die fotos het elke woonstelblok ‘n grondvloer en twee verdiepings. Die trappe na die boonste verdiepings is aan die buitekant van die woonstelblokke. Elke woonstelblok het drie stelle trappe. Die ingang na woonstel 115 op die grondvloer van woonstelblok D is onder een van die stelle trappe. Die groepie mans moes onder ‘n “landing” van die trap en om ‘n muurtjie beweeg om by die voordeur van woonstel 115 te kom. Vyf van die vlugtendes is by die woonstel in, sommige in die kombuis in (Cheese, Ghadaffi en Zarak) en ander (Abbie en Ougat) deur die slaapkamer na die badkamer – Abbie was eers in die kombuis in maar die ander drie was reeds daar en daar was nie meer plek vir hom nie.

Nadat die skietery opgehou het, het die mense vanuit die woonstelle na buite gekom. Voor die deur by die ingang van woonstel 115 het Jason Idas gelê met talle skietwonde in sy liggaam. Hy is op die toneel dood.

Die polisie was spoedig op die toneel. Die liggaam van die oorledene is mettertyd weggevoer. Die polisie het die toneel afgesper. Fotos is geneem waarvan 27 later saamgevat is in ‘n bundel wat as Bewysstuk “S” by die verhoor ingehandig is. Daar het talryke afgevuurde patroondoppies rondgelê en die polisie het hul bes probeer om die doppies te merk waar hulle gelê het en op die fotos vas te lê. Van die omstanders het egter van die doppies opgetel. So het Mev Maria Demas (“Bubbles”) doppies wat sy opgetel het aan die polisie oorhandig. Kaptein Stoffels het getuig dat die skare op die toneel oproerig geraak het en dat dit moeilik was om hulle te beheer. Hul gedrag het die polisie-ondersoek in die wiele gery.

Ses-en-twintig 5.56mm kaliber afgevuurde patroondoppies en veertien 9mm Parabellum afgevuurde patroondoppies wat op die toneel gevind is, is aan die Ballistiek-eenheid van die Polisie besorg vir ondersoek. Inspekteur Stevens van die eenheid het bevind dat die 5.56mm kaliber patroondoppies van militêre oorsprong is en dat hulle beskik oor die karaktereienskappe van patroondoppies wat afgevuur is deur R4, R5 en R6 vol-outomatiese aanvalsgewere en LM4, LM5 en LM6 semi-outomatiese gewere. Hy het

voorts bevind dat die 5.56mm patroondoppies deur minstens twee verskillende vuurwapens afgevuur is, en dat die 9mm Parabellum patroondoppies ook deur twee verskillende vuurwapens afgevuur is. Daar was dus minstens vier vuurwapens op die toneel gewees. Soos reeds vermeld, is van hierdie 9mm patroondoppies afgevuur deur 'n pistool wat later, op 15 Oktober 1999, in die houthuisie in die agterplaas te Kosmosstraat 61, Bellville-Suid gevind is.

**<u>Nadoodse ondersoek</u>**

Dr A Basson het op 23 Junie 1999 ‘n nadoodse ondersoek op die liggaam van die oorledene uitgevoer. Die verslag van haar regsgeneeskundige lykskouing is as Bewysstuk “E” ingehandig. Daar is ook fotos van die liggaam geneem wat as Bewysstuk “T” ingehandig is.

Dr Basson het bevind dat die oorsaak van die dood “veelvuldige skietwonde” was.

In haar verslag beskryf Dr Basson die dertien skietwonde wat sy aan die liggaam van die oorledene gevind het. Die ingangswond van ses van hierdie skietwonde was in die rug, en twee in linkerboud. Met ander woorde, agt van die skote wat die oorledene getref het, is van agter op hom gevuur.

**<u>Algemene opmerkings</u>**

Alvorens ek daartoe oorgaan om die aangebode getuienis in besonderhede te oorweeg, wens ek enkele algemene opmerkings te maak oor twee aspekte van die verhoor. Hierdie aspekte is (i) intimidasie en vreesaanjaging van getuies; en (ii) kruisondervraging.

*Intimidasie en vreesaanjaging.*

In die saak van *Die Staat v Virgil Hendricks en Ander* (ongerapporteer, saaknommer SS 153/02, 15 Mei 2003) maak Griesel R in 'n bende-verwante saak, die volgende opmerking:

> "Ons weet uit daaglikse ondervinding en ook uit die getuienis in hierdie saak dat dit heel dikwels vir die polisie onmoontlik is om die skuldiges aan te keer aangesien potensiële getuies bang is, vanweë intimidasie, om na vore te kom om die beskuldigdes aan die man te bring."

In die onderhawige saak het die intimidasie van getuies op verskillende maniere na vore gekom.

Op 10 Desember 2002 het Me Jacobs my aandag daarop gevestig dat daar vanuit die openbare galery, tekens en gebare gemaak word wat daarop gemik is om die getuie wat besig is om te getuig, te ontsenu. Ek het aangedui dat as hierdie optrede voorgesit word, ek sal beveel dat lede van die publiek nie op die openbare galery toegelaat word nie. Op 9 Junie 2003 het ek weer so 'n klag ontvang en het ek my waarskuwing herhaal dat ek op die ou end genoodsaak sal word om lede van die publiek nie op die openbare galery toe te laat nie.

Me Barbara Petersen, wat aan die begin van haar getuienis gesê het dat sy bang en senuweeagtig was, en dít was sy klaarblyklik, het op 3 Junie 2003 teenoor my gekla dat terwyl sy getuig van die beskuldiges haar met vaste blik aanstaar en vir haar lag.

Kaptein Marx het getuig dat Adeline Brown ("Muis") op 9 Julie 1999 doodgeskiet is enkele dae nadat sy 'n verklaring aan die polisie gemaak het in verband met hierdie saak.

Mev Fagmieda Masoet het te kenne gegee dat haar aanvanklike vrees om na

die polisie te gaan, geblyk geregverdig te gewees het in die lig van wat met Me Brown gebeur het.

Die getuie Maria Demas ("Bubbles") het gesê dat sy die betrokke aand vreeslik bang was en dat sy "vandag nog" op haar senuwees is. Sy was opvallend vreesbevange toe sy getuig het en het die indruk geskep dat sy so min as moontlik probeer sê.

Llewellyn Isaacs het gesê dat hy aanvanklik nie met die Polisie gepraat het nie want as 'n mens praat dan "skiet hulle jou".

Mnr AG Williams, 'n spesiale ondersoeker verbonde and die Direktoraat van Spesiale Operasies, het getuig dat Ismael Hendricks, die klaer in aanklag 3, wat tans 'n vonnis uitdien, hom meegedeel het dat hy nie bereid is om namens die Staat te getuig in hierdie saak nie. As lid van die 28 bende mag hy nie teen ander bendelede en bendes getuig nie

*i) Kruisondervraging.*

Die kruisondervraging van die getuies wat die beskuldigdes, en in die besonder beskuldigde een, op die toneel van die skietery uitgeken het, was in die besonder gemik op die geloofwaardigheid van die getuies. Die kruisondervraging het nie slegs gegaan oor die akkuraatheid en betroubaarheid van die getuies se waarnemings nie. In die besonder het dit ook gegaan oor die aantyging dat 'n sameswering aan die kant van die Brown-familie bestaan om beskuldigde een as lid van die Booysen-familie valslik te inkrimineer.

Uit die aard van die saak was die kruisondervraging wydlopig van aard en is daar in besonderhede ingegaan op die bende-twiste in die omgewing van Chestnut Place. Die verskillende getuies se verbintenisse met die Brown-familie is telkens in detail ontrafel. Daar is ook verwys na verskillende insidente van aanranding, brandstiging en moord.

Onder die omstandighede was dit moeilik om die grenslyn te bepaal tussen vrae oor aangeleenthede wat lig kan werp op 'n getuie se geloofwaardigheid, en vrae oor aangeleenthede wat geen lig op 'n getuie se geloofwaardigheid

kan werp nie.

Daar is gepoog om binne perke, die advokate vrye teuels in hul kruisondervraging te gee. Ek sê binne perke, want daar is perke, en dit is die plig van die voorsittende regter, soos dit in *S v Green* 1962 (3) SA 886 (A) op 888B gestel word, " to exclude irrelevancies and discourage repetition". By die afdwing van hierdie perke, wat neerkom op 'n inperking of beperking van die reg tot kruisondervraging, moet daar uiteraard met groot omsigtigheid opgetree moet word. Die bekende opmerking in *S v Cele* 1965 (1) SA 82 (A) op 91H bied die rigsnoer:

> "Latitude in testing by cross-examination the credibility of a witness where credibility is clearly the issue, should be allowed until the court is satisfied, either that the right to cross-examine is being abused or misused, or that the particular line of cross-examination could never be productive of anything which could assist the court in its eventual decision on credibility."

Die kruisondervraging van getuies deur beskuldigde een se indertydse regsverteenwoordiger(s) het soms verval in wat Van Dijkhorst R by geleentheid (in *S v Baleka* (ongerapporteerd, TPD, saaknommer CC 482/85, 15 November 1988) genoem het "a treadmill of repetition." Ook die volgende opmerking van Van Dijkhorst R is van toepassing:

"It seems to be regarded as a sin to ask a short direct question which could lead to a direct answer. There is also a tendency, often incurable, on the part of counsel to argue their case during cross-examination using the witness as a sounding board."

Ek het dit nodig gevind om by meer as een geleentheid te versoek dat

ingewikkelde, lang vrae aan 'n getuie herformuleer word; ek het by meer as een geleentheid daarop gewys dat kruisondervraging op onnodige herhaling voorkom, en die advokate is by verskeie geleenthede versoek om nie met getuies te argumenteer nie (waar ek regsverteenwoordigers van beskuldigde een in hierdie verband kritiseer, is die kritiek nie gemik op Me Smit nie).

‘n Verdere, steurende aspek van die kruisondervraging, waarteen die Staat by meer as een geleentheid beswaar gemaak het, was om vrae aan getuies te stel waarvoor daar geen feitelike grondslag bestaan nie. Die volgende kom voor in die kruisondervraging van Ruduwaan Cassiem ("Ghadaffi"):

> **Me Slingers:** Edelagbare, ek maak beswaar, dit is nie wat die getuie gesê het nie.
>
> **Hof:** Nee, dit is nie wat hy gesê het nie.

**[Advokaat]:** Nee, ek weet, U Edele, ek vra maar net.

Hierdie soort kruisondervraging is onaanvaarbaar. Dit is onbillik teenoor die getuie en kan slegs daartoe bydra om die getuie te verwar.

**<u>Beoordeling van getuienis</u>**

Alvorens ek daartoe oorgaan om die aangebode getuienis te evalueer, is dit nodig dat aandag gegee word aan sekere oorwegings wat 'n rol speel by sodanige evaluering.

*Teenstrydighede*

In argument is daar aan ons gedetaileerde analises voorgelê van allerlei teenstrydighede tussen die getuienis van die verskillende ooggetuies van die gebeure en van teenstrydighede tussen die polisieverklaring van 'n getuie en die betrokke getuie se getuienis in die hof. In die lig van die uitgebreide gebruik wat daar in hierdie saak gemaak is van kruisondervraging oor dié soort van teenstrydighede is dit wenslik dat ek kortliks let op die wyse waarop dergelike teenstrydighede benader moet word.

In *Mafaladiso en andere v S* [2002] 4 All SA 74 (HHA) op 82h--i word die volgende gesê:

> "Die juridiese benaderingswyse tot weersprekings tussen twee getuies en weersprekings tussen die weergawes van een en dieselfde getuie (soos oa tussen sy of haar *viva voce* getuienis en vorige verklaring) is,

> in beginsel (indien nie in graad nie) identies. Die doel is immers in geen geval om te bewys welke van die weergawes die korrekte een is nie, maar om oortuiging te bring dat die getuie kan fouteer, hetsy weens defektiewe rekolleksie of weens oneerlikheid."

(sien ook *S v Oosthuizen* 1982 (3) SA 571 (T) 576C)

Die blote feit dat getuies se weergawes verskil, is geen grondslag vir 'n bevinding ten opsigte van geloofwaardigheid nie -- soos Nicolas AR dit stel in sy bekende artikel onder die titel "Credibility of Witnesses" in (1985) 102 *SALJ* 32 op 35 --

> "it is not the case that lack of consistency between witnesses affords any basis for an adverse finding on their credibility. Where contradictory statements are made by different witnesses, obviously at least one of them is erroneous, but one cannot, merely from the fact of contradiction, say which one. It follows that an argument based only on a list of contradictions between witnesses leads nowhere as far as veracity is concerned. The argument must go further, and show that one of the witnesses is lying. It may be that the court is unable to say where the truth lies as between contradictory statements, and that may affect the question whether the onus of proof has been discharged: but that has nothing to do with the veracity of the witnesses."

Nicolas AR wys voorts daarop (op bl 41) dat --

> "eyewitness accounts are often not an accurate representation of reality, and there are often profound differences in eyewitness accounts of the same event, when it is observed by the same witnesses under the same conditions.

> "This shows the futility of the exercise, frequently performed by cross-examiners, of raking at tedious length over the evidence of different eyewitnesses in order to uncover contradictions, variances, omissions, discrepancies, differences and inconsistencies. For the most part it shows no more than what is to be expected, namely, that eyewitnesses differ from one another in their accounts and are liable to error …"

Mense se reaksie op dieselfde gebeure verskil ook. In hierdie geval was die reaksie van die verskillende lede van die groepie om die vuur op die skietery nie eenders nie. Party het omgekyk na die rigting vanwaar die skote gekom het. Ander het net gehardloop. Martin Japhta ("Oudste") beskryf sy reaksie soos volg:

> "Is wat ek van my suster se huis af gekom het , mevrou, en afgekom het en onder hulle gestaan en boom rook en toe ek saam gaan boom rook en toe daar op ons geskiet gewees, mevrou, en toe het ek weggehardloop. Dit is al wat ek onthou."

En later weer:

> "En toe wat gebeur? – Toe hoor ons net gun skote en toe hardloop ek weg.

Van watter rigting het die skote gekom? – Ek kan self nie vir mevrou sê nie, van watter kante nie want ek het gestaan met my gesig na die trappe toe en die trappe se fondament het uitgespat, en toe hardloop ek net aaneen."

*Vorige verklarings van getuies.*

Verskeie van die Staat se getuies is in kruisondervraging gekonfronteer met verklarings wat hulle aan die Polisie gemaak het. Hulle is in besonderhede ondervra oor teenstrydighede tussen hul getuienis in die Hof en hul verklaring.

In *Mafaladiso en andere v S, supra,* op 83c wys Olivier AR daarop dat die blote feit dat daar self-weersprekings voor hande is, met omsigtigheid deur 'n Hof benader moet word. Die geleerde appèlregter verwys (op 83c—g) na drie faktore wat ‘n rol speel, en ek kan nie beter doen nie as om sy eie woorde aan te haal nie:

> “Eerstens moet nougeset vasgestel word wat die getuie werklik bedoel het om op elke geleentheid te sê, ten einde te bepaal of daar ‘n weerspreking voor hande is en wat die presiese omvang daarvan is. In hierdie verband moet die feite-beoordelaar in ag neem dat ‘n vorige verklaring nie by wyse van kruisverhoor afgeneem is nie, dat daar taal- en kultuurverskille tussen die getuie en die opskrifsteller mag wees wat die korrektheid van wat presies bedoel word in die weg staan, en dat die verklaarder selde of ooit deur ‘n polisiebeampte gevra word om in detail sy of haar verklaring te verduidelik”

Met verwysing na *S v Mkohle* 1990 (1) SASV 95 (A) op 98f—g en *S v Bruiners en ‘n Ander* 1998 (2) SASV 432 (SOK) op 437g, sê Olivier AR voorts:

> “Tweedens moet dit steeds voor oëgehou word dat nie elke fout deur ‘n getuie en nie elke weerspreking of afwyking die getuie se geloofwaardigheid aantas nie … Nie-wesenlike afwykings is nie noodwendig relevant nie.”

Die derde faktor wat in ag geneem moet word is dat die weersprekende weergawes steeds oorweeg en geëvalueer moet word op ‘n holistiese basis: die omstandighede waaronder die weergawes gemaak is, die bewese redes vir die weersprekings, die werklike effek van die weersprekings, die effek van die weersprekings op die getuie se geloofwaardigheid of betroubaarheid, die getuie se verduideliking van weersprekings en die samehang van die weersprekings met die res van die getuie se getuienis moet in ag geneem en oorweeg word (*Mafaladiso en andere v S, supra,* op 83g; *S v Mkohle, supra,* op 98f—g; *S v Jochems* 1991 (1) SASV 208 (A) op 211f—j, en *S v Bruiners en ‘n Ander, supra,* 437i—438a)

Daar is na ons oordeel, twee verdere faktore wat beklemtoon moet word. Eerstens, in *S v Mlumbi en ‘n Ander* 1991 (1) SASV 235 (A) op 248a—b word daarop gewys dat polisieverklarings dikwels onvolledig is, soms selfs ten aansien van belangrike feite, en dat die omstandighede waaronder en die persoon aan wie ‘n verklaring gemaak is, dikwels verantwoordelik is vir die onvolledigheid van die verklarings. In *S v Bruiners en ‘n Ander, supra,* op 437h word beklemtoon dat die doel van ‘n polisieverklaring is om besonderhede van ‘n misdaad te bekom sodat daar besluit kan word of die beskuldigde vervolg moet word. Dit is nie die doel van die getuieverklaring om –

> “… die getuie se getuienis in die hof vooruit te loop nie, en dit is vergesog om van ‘n getuie te verwag om in sy getuieverklaring reeds presies dieselfde weergawe te verskaf as wat hy in die ope hof gaan getuig.”

Die tweede verdere faktor wat in ag geneem moet word is, soos Holmes AR dit stel in *Levy NO v Rondalia Assurance Corporation of SA Ltd* 1971 (2) SA 598 (A) at 602C—D, dat ‘n polisieverklaring gewoonlik “the policeman’s résumé, in the policeman’s phraseology” is.

In Michelle Petersen se verklaring kom, byvoorbeeld, die volgende voor:

> Ek is bovermelde volwasse vrou 18 jaar oud en is tans woonagtig te woonstel no 113 Chestnut Place, Belhar …

Ek het meteens skote buite die woonstel gehoor, waar ek en bovermelde persone die kinders in die woonstel na veiligheid geneem het in die slaapkamer …..

Die plaaslike gemeenskap het daarna die polisie gekontak.

Enige persoon wat Michelle se *viva voce* getuienis aangehoor het, sal besef dat 'n mens hier klaarblyklik te doen het met "the policeman’s résumé, in the policeman’s phraseology" -- dit is Kaptein Marx (die opskrifsteller van die verklaring) se opgesomde weergawe van wat die getuie gesê het, weergegee in die taal van Kaptein Marx. Ek mag net meld dat Michelle haar verklaring afgelê het die oggend ná die gebeure toe die Polsie nog in die duister getas het oor wat presies gebeur het.

Daarom is die volgende vraag wat tydens kruisondervraging oor ‘n vorige verklaring aan Ruduwaan Cassiem (“Ghadaffi”) gestel is, onbillik:

> “Die vraag is eenvoudig, die sin soos dit hier staan, is dit soos u dit vir Kaptein Marx vertel het?”

Die vraag is onbillik omdat die getuie nie die betrokke sin aan Kaptein Marx gedikteer het nie. Die woordgebruik en sinskonstruksie is klaarblyklik dié van Kaptein Marx. Die sin waaroor dit gaan lui soos volg: "Toe die twee vermelde persone by ons verbyhardloop, het die twee op ons begin skiet." In sy getuienis in die Hof het Ghadaffi gesê:

> "Hulle het in onse rigting gehardloop en op ons geskiet, ja. Hulle het nie verby ons gehardloop nie."

Ghadaffi gee toe dat die "verbyhardloop storie" 'n fout is en herhaal, "Hulle het in onse rigting gehardloop en begin skiet". Die vraag is of die "verbyhardloop storie" nie die opskrifsteller van die verklaring se vertolking was van die gebeure soos aan hom geskets nie?

Deur sy handtekening op so 'n verklaring te plaas, gee 'n getuie niks meer te kenne nie as dat hy die verklaring soos op skrif gestel as wesenlik korrek beskou. In *Mafaladiso en andere v S, supra,* op 83d—e sê Olivier AR dat die volgende stelling in *Rex v Gumede* 1949 (3) SA 749 (A) op 747 *in fine*, wat betrekking het op die gevare van vertaalde getuienis, *a fortiori* ook geld ten opsigte van polisieverklarings:

> "Inconsistensies between evidence recorded at the preparatory examination and that given at the trial do not always signify untruthfulness. When recording conversations through the medium of an interpreter it is easy to make a mistake as to the author of the particular statement, **especially if the substance of the the deposition which is read over to the witness narrating the conversation is substantially correct.**" (my beklemtoning).

Ten einde misverstand te voorkom, wil ek dit duidelik stel dat ek nie die polisie kritiseer omdat hulle by die afneem van verklarings dit nodig vind om wat aan hulle gesê word in hul eie woorde saam te vat en weer te gee nie. Dit is sekerlik dikwels eenvoudig nie haalbaar om 'n sinvolle verklaring neer te pen in die presiese woorde van die persoon wat die verklaring maak nie. Wat ek wil beklemtoon, is dat wanneer 'n getuie gekonfronteer word met 'n vorige verklaring, daar 'n bewustheid behoort te wees dat die verklaring, in mindere of meerdere mate, die taal-en woordgebruik van die opskrifsteller kan reflekteer.

*Individuele getuies*

By die beoordeling van die getuienis van die individuele getuies hou ons in gedagte dat dat daar by die meeste van hulle, in meerdere of mindere mate, ‘n vooroordeel teen die beskuldigdes kan bestaan. Die manlike getuies is, of was, almal lede van bendes of bendegroepe wat in opposisie teen die Sexy Boys was. Byvoorbeeld, Ghadaffi se broer is deur die Sexy Boys doodgeskiet en hy is self by drie geleenthede deur hulle raakgeskiet. Beskuldigde drie is skuldig bevind aan die moord op Angelo Petersen, Michelle en Barbara se broer. Michelle het gesê dat sy hom haat en dat die tronkstraf wat hy opgelê is nie voldoende straf is nie maar dat sy niks daaraan kan doen nie en daarby moet berus.

Verder verloor ons nie uit die oog dat sommige van die getuies bande het met die Brown familie nie.

By die beoordeling van die getuienis is dit belangrik om in gedagte te hou dat die verskillende getuies, verskillende fases van gebeure beskryf wat oor 'n tydperk plaasgevind het en wat hulle van verskillende kante waargeneem het. ‘n Mens kry nie uit die getuienis ‘n rolprentweergawe van die gebeure as geheel nie. Wat ‘n mens kry kan eerder vergelyk word met ‘n reeks “stil” fotos van losstaande episodes geneem uit verskillende hoeke op verskillende tye.

*Identifikasie*

Die kern van die getuienis teen die beskuldigdes was dié van getuies wat hulle geplaas het op die toneel van die misdaad. In hierdie verband word daar in *S v Jochems* 1991 (1) SASV 208 (A) op 212b—f met goedkeuring verwys na *S v Mthetwa* 1972 (3) SA 766 (A) op 768A—D waar daar gesê word:

> "Because of the fallibility of human observation, evidence of identification is approached by the Courts with some caution. It is not enough for the identifying witness to be honest: the reliability of his observation must also be tested. This depends upon various factors, such as lighting, visibility, and eyesight; the proximity of the witness; his opportunity for observation, both as to time and situation; the extent of his prior knowledge of the accused; the mobility of the scene, corroboration; suggestibility; the accused's voice, build, gait, and dress; the result of identification parades, if any; and, of course, the evidence by or on behalf of the accused. The list is not exhaustive."

In hierdie saak was die beskuldigdes bekend aan al die staatsgetuies wat hulle uitgeken het. Van besondere belang in hierdie verband is dus die opmerkings in *R v Dladla and Others* 1962 (1) SA 307 (A) op 310D waar die volgende gesê word:

> "In a case where the witness has known the person previously, questions of identification marks, of facial characteristics, and of clothing are in our view of much less importance than in cases where there was no previous acquaintance with the person to be identified. What is important is to test the degree of previous knowledge and the opportunity for correct identification, having regard to the circumstances in which it was made."

Die beskuldigdes was goed bekend aan die meeste van die staatsgetuies.

Hulle het mekaar dikwels gesien en, ten spyte van die bende- en familie-vetes, het hulle nie in volkome isolasie van mekaar geleef en beweeg nie. Hulle het op sosiale vlak ontmoet. Beskuldigde een het op 'n tyd by ‘n meisie in Chestnut Place gekuier, en beskuldigde twee het verhoudings gehad met twee vroulike lede van die Brown-familie, Barbara Petersen en Nadia Foutie. Dat die *dramatis personae* in hierdie saak goed bekend was aan mekaar blyk uit die detail-instruksies wat beskuldigde een aan sy regsverteenwoordigers kon gee oor onderlinge verwantskappe en verhoudinge van getuies en lede van die Brown-familie.

*Beligting*

Soos reeds aangetoon is daar tussen die woonstelblokke gewone straatligte en verskeie hoë maste met spreiligte, en dat die posisie van hierdie ligte aangetoon word op Bewysstuk “W”. Die ligte is ook sigbaar op die lugfoto Bewysstuk "Y”. Volgens die getuies wat die aand op die toneel was, was die beligting goed gewees. Hul reaksie op vrae oor die beligting was soos volg:

Cheese: “Die beligting was baie goed want al ons spreiligte in die flatse het gewerk mevrou”.

Ghadaffi: Hy sê dat die straatligte gebrand het en “[d]ie spreiligte het gewerk en dit het die flatse helder belig.”

Oudste: In antwoord op die vraag hoe die beligting die aand in Chestnut Place was, sê hy:

“Daar is groot lig, mevrou, groot ligte wat daar brand."

"En het hierdie ligte gebrand daardie aand? – Ja.”

Zarak: Hy het bevestig dat die beligting baie goed was en dat die spreiligte gebrand het.

Abbie: Nadat die sleutel van die plan aan hom verduidelik is, het hy op Bewysstuk “W” aangetoon dat al drie die spreiligte daardie aand gebrand het en die straatligte die aand gebrand het. Toe hy gevra is hoe die beligting die aand was, antwoord hy: “Dit was baie goed want daar is spreiligte”.

Op haar weergawe van Bewysstuk “W” het Mev Masoet twee van die spreiligte en drie van die straatligte omring. Uit die fotos wat later die aand geneem is, wil dit voorkom asof sekere van die straatligte nie gewerk het nie.

Kaptein Stoffels het in antwoord op ‘n vraag in kruisondervraging gesê dat die beligting goed genoeg was om ‘n persoon wat aan jou bekend is, uit te ken.

Op foto 26 en veral foto 27 in Bewysstuk “S” is lyk dit asof op die aand van die gebeure, sekere van die straatligte nie gebrand het nie. Die spreiligte het wel gewerk (fotos 1, 2, 26 en 27 in Bewysstuk “S”). Dit is moeilik om gevolgtrekkings te maak oor die stand van die beligting vanaf fotos. Dit kan afhang, en daarvan weet ek te min en daar is geen getuienis daaroor aangebied nie, van faktore wat te make het met die wyse waarop die foto geneem is, soos byvoorbeeld, die spoed van die film wat gebruik is, die lensopening en die sluiterspoed. Op sommige van die fotos in Bewysstuk “S” lyk dit asof die beligting nie orals baie goed was nie. Op sommige van die fotos wat die verdediging later geneem het en wat as Bewysstuk “KK” ingehandig is, is die beligting baie helder. In die besonder kan verwys word na fotos 10 en 11 in Bewysstuk “KK” wat onder die mas van die spreilig tussen woonstelblokke B en C geneem is wat beligting toon wat byna soos daglig lyk.

In die geheel aanvaar ons dat die spreiligte op die aand van 21 Junie 1999 gebrand het en dat hierdie ligte die gebied tusen die woonstelblokke helder verlig het. Dat daar plek-plek skadu- en donker kolle was, spreek vanself.

Ek kom later, wanneer ek die aantyging bespreek dat die staatsgetuies teen die beskuldigdes saamsweer, terug na die kwessie van beligting en ek sal dan die getuienis van Michelle Petersen behandel.

**<u>Getuienis oor skietvoorval</u>**

Die getuienis oor die gebeure van die aand sal onder die volgende hoofde behandel word: (i) die getuienis van die groep mense op wie daar geskiet is; (ii) die getuienis van Llewellyn Isaacs; (iii) die getuienis van Mev Fagmieda Masoet, en (iv) die getuienis van diegene wat die skietery vanuit woonstelblok A waargeneem het.

*i) Die groep op wie daar geskiet is.*

Soos reeds vermeld het Cheese, Ghadaffi, Abbie, Zarak, Oudste, die oorledene, Llwellyn Isaacs (Laksman) en Ougat om die vuur gestaan. Behalwe Ougat (Ismail Hendricks) het almal van hulle getuig.

*Martin Japhta ("Oudste")* het, toe hy die skote hoor, weggehardloop en eintlik niks waargeneem nie. Ons het reeds gehoor dat hy gesê het, "… en toe hardloop ek net aaneen."

*Riaan Ricardo Clifford ("Cheese")* het getuig dat terwyl hulle daar om die vuur gestaan het, het twee mans by woonstel B omgekom en die eerste skoot het afgegaan. Toe hy opkyk, toe sien hy net twee mans wat op hulle losbrand. Hy beskryf die gebeure soos volg:

> "Mevrou wat die mense omkom, toe begin die mense skiet, met die eerste opkyk toe sien ek die twee mense wat skiet-skiet omkom. Daar was nie nog kans om te kyk wie is wie wat op ons geskiet het nie, ons het gemaak dat ons wegkom mevrou."

Toe hy in kruisondervraging gevra is waar die mense vandaan kom, het hy herhaal dat die mense "van woonstel B gekom" het.

Cheese sê dat daar eers een skoot was, en toe nog een en daarna aanhoudende vuur. Soos hy dit gestel het, “Dit was ‘n masjiengeweer daardie”. Dat die aanhoudende gevuur voorafgegaan is deur enkele skote word bevestig deur Abbie wat ook sê dat daar eers twee skote was.

Cheese het by woonstel 115 in woonstelblok D ingehardloop waar hy in die kombuis skuiling gesoek het.

*Mogamat Field (“Zarak")* het getuig dat terwyl hulle om die vuur gestaan en dagga rook het, het hy skote gehoor. Toe hy opkyk sien hy beskuldigde twee (“Katte”) om die draai by woonstelblok B kom, besig om te skiet met ‘n lang vuurwapen. By hom was ‘n persoon wat hy nie kon uitken nie. Hy het die plek waar hy beskuldigde twee om die draai sien kom, gemerk met ‘n X op sy weergawe van Bewysstuk “W”. Ek het die X wat hy gemaak het, met ‘n dubbelde rooi kring omring. Die merk is by die hoek van woonstelblok B.

Hy het verder getuig dat toe hy besig was om na woonstel 115 te hardloop, het hy na links gekyk en twee persone sien aankom tussen woonstelblokke B en C. Die plek waar hy hierdie twee persone sien aankom het, is in die omgewing van die mas van die spreilig tussen woonstelblokke B en C en is op sy weergawe van Bewysstuk “W” gemerk met twee strepies omring in pers.

Hy het by woonstel 115 in woonstelblok D ingehardloop waar hy in die kombuis skuiling gesoek het. Daar het hy vir Cheese en Ghadaffi aangetref. Terwyl hy in die kombuis was, het hy ‘n skadu by die voordeur gesien van 'n persoon wat na benede skiet. Toe hy ná die skietery na buite gaan, het hy (Zarak) agtergekom dat hy in die linkerbeen geskiet is.

Zarak het getuig dat hy voorheen lid was van die Corner Boy bende, dat hy in 1993 lid geword het van die 28 tronkbende.

Zarak het ons beïndruk as 'n volkome betroubare getuie. Sy getuienis pas in by die beeld wat deur die ander getuies geskets word.

*Ruduwaan Cassiem (“Ghadaffi)* het getuig dat terwyl hulle om die vuur gestaan en dagga rook het, het hy “net vuur gesien om die hoek kom van woonstel B.” Hy sê voorts:

> “Ek het nie die mense gesien nie, maar ek het die vuur gesien en soos ek die vuur gesien het en die skote gehoor het, het ek gehardloop vir veiligheid, en in daar die tyd het ek gevoel dat ek klaar getref is in my regterbeen.”

Hy het ook by woonstel 115 in woonstelblok D ingehardloop waar hy in die kombuis skuiling gesoek het.

Die plek waar hy die persone om die hoek van woonstelblok B sien kom het, het hy met ‘n kruisie W2 gemerk op sy weergawe van Bewysstuk “W”.

Die skote wat afgegaan het, het hy beskryf as “masjiengeweerskote”.

Ghadaffi het gesê dat hy voorheen lid was van die Back Street Kids maar dat hy hom onttrek het van bendebedrywighede nadat sy broer Oesman Cassiem in Julie 1998 doodgeskiet is. Ghadaffi glo dat sy broer deur lede van die Sexy Boys doodgeskiet is.

Tydens kruisondervraging is Ghadaffi gekonfronteer met ‘n verklaring wat hy aan die Polisie gemaak het waarin hy die volgende sê:

> “Terwyl ek by die vuur gestaan het, het ek meteens twee persone gesien wie se gesigte bedek was met doeke en wie gekleed was met sweetpakke in ons rigting gehardloop het. Beide die persone het ‘n vuurwapen elk in hulle besit gehad.”

Ghadaffi het verduidelik dat die Sexy Boys gereeld daar by die woonstelle kom skiet het -- hulle was inderdaad die enigste mense wat daar by die woonstelle kom skiet het. Hulle het hulself gewoonlik met doeke vermom as hulle kom skiet. Omdat hy die aand nie die mense kon uitken nie, het hy

aanvaar dat hulle soos gewoonlik doeke om hul koppe gedra het.

*Adriaan Tarentaal ("Abbie")* het getuig dat terwyl hulle by die vuur gestaan het, het hy twee skote gehoor. Toe hy omkyk sien hy beskuldigde twee met 'n lang "gun" in sy hand. Daar was nog 'n persoon agter hom wat hy die kon erken nie. Hy sê dat hy beskuldigde twee gesien het "tussen woonstelblok E en woonstelblok B." Op Abbie se weergawe van Bewysstuk "W" word die plek waar hy beskuldigde twee gesien het aangedui met 'n asterisk (stervormige X). Daarna het 'n klomp skote afgegaan en het hy by woonstel 115 in woonstelblok D ingehardloop. Soos hy hardloop, breek ruite in die rigting waarin hy hardloop en spat stukke ("klippies") van die muur uit. In die hardloop kyk hy na links na die parkie tussen woonstelblokke C en B en sien hy vir beskuldigde een en beskuldigde drie wat op hulle afpyl, beide met vuurwapens in hulle hand en hulle skiet op hulle. Beskuldigde een het 'n lang vuurwappen gehad en beskuldigde drie het 'n kort vuurwapen gehad. Die plek waar Abbie die twee gesien het, het hy met 'n M en 'n P gemerk op sy weergawe van Bewysstuk "W". Dit is naby die hoek van woonstelblok B naaste aan woonstelblok D.

Hy het in die kombuis van die woonstel ingehardloop. Toe haar daarkom, was Zarak, Cheese en Ghadaffi reeds daar. Hy het toe deurgehardloop na die badkamer agter in die woonstel. Daar het hy vir Ougat aangetref.

Terwyl hy (Abbie) in die kombuis was, het Zarak die voordeur probeer toemaak maar die deur het telkens weer oopgeklap. Abbie sê dat hy duidelik die skaduwee kon sien van 'n persoon met 'n lang "gun" in sy hand wat na benede skiet.

Terwyl hy in die badkamer was, het die skote "kliphard en aanmekaar"

aangehou.

Hy is die aand in sy regterbeen geskiet. Hy was bang om hospitaal toe te gaan vir behandeling want “ek was bang dat hulle my sou by die hospitaal kom kry het." Gevra wie “hulle’ is, het hy geantwoord: “Die Sexy Boy bende.”

Abbie is 'n lid van die Dixie Boys en van die Firm. Alhoewel hy nie die leier is van 'n bende nie, is hy ongetwyfeld n prominente figuur in die bendewêreld. Hy is getroud met Edith Petersen, 'n lid van die Brown familie. Abbie het in die verhoor waarin beskuldigdes een, twee en vyf aangekla is van die moord op Eugene Brown namens die Staat getuig. Die verhoor het in Augustus 2002 plaasgevind. Tydens die verhoor het hy erken dat hy tydens die voorval gewapen was en op die toneel geskiet het. Hy het erken dat hy hierdie inligting nie aan die ondersoekbeampte van die moord op Eugene Brown meegedeel het nie. As rede het hy aangevoer dat as hy aan die ondersoekbeampte gesê dat hy gwapen was, die polisie nie die moord van Eugene Brown behoorlik sou ondersoek het nie. Hy voer aan dat hy wel tydens die verhoor die waarheid gepraat het in sy getuienis, en die Hof het hom dan ook ingevolge artikel 204 van die Strafproseswet vrywaring van vervolging verleen aan die einde van daardie verhoor.

Abbie het 'n verklaring aan die polisie gemaak agt dae ná die skietvoorval. In die verklaring sê hy dat beskuldigde een 'n "gun" by hom gehad het terwyl hy in sy getuienis dit duidelik gestel het dat beskuldigde een 'n "lang gun" by hom gehad het. In sy verklaring het hy nie vermeld dat hy tydens die aanval vanuit die kombuis na die badkamer beweeg het. Die versuim om in sy verklaring te spesifiseer dat beskuldigde een 'n lang vuurwapen by hom gehad het, kom nie neer op 'n wesenlike teenstrydigheid tussen sy verklaring en sy getuienis wat sy geloofwaardigheid aantas nie, en die feit dat hy deurgehardloop het na die badkamer word deur ander getuies bevestig.

Soos Abbie, sê beide Michelle Petersen en Lwellyn Isaacs dat beskuldigde een 'n lang vuurwapen by hom gehad het. Wat betref die identifikasie van beskuldigde twee vind Abbie se getuienis korroborasie in dié van Michelle en Barbara Petersen, van Zarak en van Mev Masoet. Wat betref die identifikasie van beskuldigde drie vind Abbie se getuienis korroborasie in dié van Michelle Petersen.

Daar bestaan by ons geen rede om die getuienis van Abbie in twyfel te trek nie. Vyf dae van soms aggressiewe kruisondervraging het hom nie van stryk gebring nie.

*ii) Die getuienis van Llewellyn Isaacs*

Llewellyn Isaacs ("Laksman") het getuig dat hy 'n ruk lank by die vuur gestaan het maar dat hy daarna met sy meisie gaan staan en gesels het by 'n parkie tussen woonstelblokke B en C. Cheese bevestig dat Llewellyn by sy meisie gestaan en gesels het en dui op sy (Cheese) se weergawe van Bewysstuk "W" met 'n letter W2 aan waar Llewellyn en sy meisie gestaan en gesels het.

Terwyl hy met sy meisie gestaan en gesels het, het hy skote gehoor. Hy en sy meisie het na woonstelblok C gehardloop om skuiling te gaan soek in die woonstel waar sy gewoon het. Terwyl sy sukkel om die hekkie oop te maak wat toegang tot die agterplaas verleen, het hy na die "pad" (Chestnutweg) se kant toe gekyk en twee persone gesien wat tussen woonstelblokke B en C in hul rigting aankom. Die een persoon was beskuldigde een. Albei persone was volgens hom gewapen met "lang vuurwapens".

Beskuldige een het by die watervoor aan die onderpunt van woonstelblokke B en C gestruikel en met sy een hand op die grond gedruk en weer regop gekom. Llewellyn sê dat hy beskuldigde een daar by die watervoor ("slootjie") aan sy gesig erken het. Hy sê ook dat daar groot spreiligte in die omgewing is.

Hy was angsbevange (hy was bang vir beskuldigde een) en het vir sy meisie geskree om die hekkie oop te maak. Hulle is toe by die woonstel in waar hulle gebly het tot die skietery opgehou het.

Foto 10 in Bewysstuk "KK" toon woonstelblok B waar Llewellyn en sy meisie gestaan en gesels het, en foto 11 van dieselfde Bewysstuk toon die houthekkie wat Llewellyn se meisie gesukkel het om oop te kry alvorens hulle in daardie woonstel in gevlug het. Die fotos, wat deur die verdediging ingehandig is, is in die aand geneem en toon die besonder helder beligting in

die omgewing -- die mas van die spreilig tussen woonstelblokke B en C verskyn op foto 11 in Bewysstuk "KK".

Llewellyn is lid van die 28 tronkbende. Die bynaam "Laksman" het hy in die gevangenis gekry.

Llewellyn was 'n interessante getuie. Hy getuig nie net met sy mond nie, maar met sy hele liggaam: stem, gesigsuitdrukking, gebare en lyftaal. As hy vertel hoe beskuldigde een by die slootjie gestruikel het, dan illustreer hy presies hoe sy knie geknak het, hoe hy met sy een hand op die grond gedruk het en opgekyk het.

Sy waarneming van beskuldigde een op die toneel word bevestig deur Abbie, Mev Masoet en Michelle Petersen.

*(iii) Die getuienis van Mev Fagmieda Masoet*

Mev Masoet en haar gesin woon in 'n woonstel op die boonste vloer van woonstelblok C. Haar woonstel is skuins bokant die grondvloerwoonstel waar Llewellyn se meisie woon. Op die aand van die gebeure was sy reeds vir 15 jaar in Chestnut Place woonagtig. Sy en haar familie het geen bendeverbintenisse nie. Sy het ook geen verbintenis met die Brown familie nie. Haar dogters het wel verhoudinge gehad met lede van die jonger geslag van die Brown-familie. Mev Masoet het te kenne gegee dat hierdie verhoudinge nie haar goedkeuring weggedra het nie.

Die oorledene was die seun van Mev Masoet se suster Jenny wat in Kensington woon. Die oorledene het by 'n meisie in Chestnut Place gekuier. Hy het soms by die meisie in haar woonstel geslaap, en soms by Mev Masoet.

Toe die skietery die aand begin, het Mev Masoet se man die deure van die woonstel gesluit. Hulle het die kinders wat by hulle was (haar jongste dogter van elf en haar kleinkind) eers onder die bed laat lê en daarna na die gang gebring waar hulle minder blootgestel sou wees aan verdwaalde koeëls deur die vensters. Haar volwasse dogters was in 'n ander slaapkamer.

Mev Masoet het gesê dat sy 'n nuuskierige mens is en dat sy, sonder haar man se medewete, op die balkon gaan staan het om te kyk of sy kan sien wat aangaan. Die plek waar sy gestaan het, het sy met 'n X gemerk op Foto 11 in Bewysstuk "KK". Sy het eers die deur op 'n skrefie oopgemaak en na buite geloer. Daarna het sy uitbeweeg op die balkon. Sy het beskryf hoe sy die gordyn wat aan die binnekant van die balkondeur hang toegetrek het en die deur agter haar toegemaak het sodat haar man nie kon agterkom dat sy buite op die balkon is nie.

Sy het stemme gehoor en om die muurtjie van die balkon geloer in die rigting van woonstelblokke E en D. Die eerste persone wat sy gesien het was Klein Kat (beskuldigde sewe) en Dino (beskuldigde vyf). Sy het nog 'n stem gehoor. Sy het 'n persoon agter die "wiel" gesien. Sy het die persoon erken as Kiddo. Hy het sy serp laat val en dit weer opgetel. Hy het 'n kapbeweging met sy hande gemaak en dit het gelyk asof hy 'n rewolwer in sy hand het.

Sy het ook vir beskuldigde een by die wiel gesien. Sy het haar kop agter die muur ingetrek. Sy hoor iemand hardop sê: : "Jy Kat". Sy loer weer om die muurtjie van die balkon en sien beskuldigde twee. Op daardie stadium het haar man met haar geraas en sy is terug in die woonstel.

Mev Masoet het op haar weergawe van Bewysstuk "W" aangetoon waar sy die beskuldigdes gesien het. Sy het die posisies soos volg gemerk: K vir Klein Kat (beskuldigde sewe); D vir Dino (beskuldigde vyf); M vir beskuldigde een; K1 vir Kiddo (beskuldigde ses), en R vir beskuldigde twee (Ricardo Wepener).

Die laaste wat sy gesien het, was toe Klein Kat, Dino en beskuldigde een begin wegbeweeg. Sy het die rigting waarin hulle beweeg het met 'n pyltjie op Bewysstuk "W" aangedui. Die pyltjie dui in die rigting van woonstelblok A tussen woonstelblokke B en E.

Ná die skietery bedaar het, het haar dogter vir haar gesê dat Sandra daar buite skree dat Jason geskiet is. Sy en die kinders is na buite waar hulle Jason aangetref het waar hy voor die voordeur van woonstel 115 lê.

Mev Masoet is oor 'n periode van sowat ses dae deur die indertydse regsverteenwoordiger van beskuldigde een onder langdurige, herhalende,

aggressiewe en en soms treiterende kruisondervraging onderwerp.

‘n Groot deel van Mev Masoet se kruisondervraging het gegaan oor periferale aangeleenthede soos haar liefdadigheidswerk, haar betrokkenheid by die troep trompoppies wat sy deur die jare afgerig het, en gesprekke wat sy ná die dood van die oorledene met Jerome Booysen gehad het. Sy is telkemale gekonfronteer met stellings dat Jerome Booysen se weergawe, of, soos dit in kruisondervraging aan haar gestel is, beskuldigde een “se familie se weergawe”, van gebeure van haar weergawe verskil. Jerome Booysen is nie geroep as getuie nie.

Daar is ook aan Mev Masoet gestel wat Mev Hilda Davids sou sê dat sy haar die die aand van die moord geskakel het. Mev Masoet het gesê dat sy nie so ‘n oproep onthou nie en die saak is daar gelaat. ‘n Mens wonder wat die doel van hierdie stukkie kruisondervraging was?

'n Enkele voorbeeld van die trant van die kruisondervraging oor die periferale kwessies is voldoende. Mev Masoet het getuig dat sy vir baie jare betrokke was by gemeenskapwerk. Een van haar geliefde stokperdjies was die groepies trompoppies wat sy deur die jare afgerig het. Van haar gemeenskapswerk is gedoen binne die raamwerk van die Belhar Youth Action Forum. Op grond van 'n brief wat deur die sekretaris van die Forum geskryf is en waarop daar 'n stempel verskyn dat die Forum in 1996 opgerig is, is die geloofwaardigheid van haar getuienis oor haar gemeenskapsdiens in twyfel getrek. Mev Masoet se gemeenskapsdiens was nie beperk tot die jeugforum nie. Sy was ook betrokke by SANTA in verband met tuberkulose en by 'n gesondheidsforum in verband met Vigs. Sy het voorts getuig dat sy vanaf April vanjaar besig is met 'n kursus in maatskaplike dienste. Hierdie getuienis is nie aangeveg nie. Die smalende verwysing in kruisondervraging na haar "sogenaamde" gemeenskapsdiens is nie net ongegrond nie, maar ook 'n aanduiding van die toon van die kruisondervraging waaraan sy blootgestel was. Mev Masoet se getuienis dat die Belhar Youth Action Forum intussen doodgeloop het en dat sy die afgelope drie jaar alleen met die werk voortgaan, is nie betwis nie.

Al hierdie kruisondervraging het, ten beste vir die verdediging, getoon dat haar geheue ten opsigte van sommige van hierdie periferale kwessies nie altyd akkuraat was nie.

Om te kom getuig was vir Mev Masoet geen aangename ervaring nie: om mee te begin was sy bang (haar vrees om te getuig kom reeds in haar verklaring na vore), sy was klaarblyklik ontuis in die hof en dit was duidelik dat die aggressiewe toon van die kruisondervraging haar ontsenu het.

Dit is pertinent in kruisondervraging aan Mev Masoet gestel dat haar getuienis deel is van die Brown-komplot teen die Booysen-familie, en die feit dat sy eers sowat twee jaar ná die gebeure 'n verklaring aan die polisie gemaak het, is aan haar voorgehou as deel van die sinistêre komplot waarvan sy deel sou wees. Op hierdie stadium het Mev Masoet onder groot emosie vertel watter vernietigende uitwerking die dood van die oorledene op hul familieverhoudinge gehad het. Haar suster, die moeder van die oorledene, het Mev Masoet verkwalik omdat sy, volgens haar, nie goed genoeg na die oorledene omgesien het nie as hy by Chestnut Place was. Reeds op die aand van die skietery was daar 'n getwis tussen die susters. Onder die omstandighede het Mev Masoet nie vir haar suster vertel wat sy gesien het nie. Mettertyd het sy skuldgevoelens gekry omdat sy nie openlik was met haar suster nie. Haar suster is so erg deur die dood van haar seun geaffekteer dat sy sielkundige behandeling ontvang het. Mev Masoet het self mediese behandeling ondergaan. Ná sowat twee jaar, en nadat hul ander suster ernstig siek was aan kanker, het Mev Masoet haar suster vertel wat sy weet en haar suster het gesorg dat sy dadelik na die polisie geneem word om 'n verklaring te maak. Die bewering dat sy deel sou wees van 'n Brown-komplot teen die Booysen-familie verwerp ons sonder meer.

Mev Masoet is uitvoerig ondervra oor die waarnemings wat sy die aand gemaak het. Van al die teenstrydighede, en vermeende teenstrydighede, wat in die proses na vore gekom het, is slegs een van belang. In haar verklaring sê sy dat die persone wat sy gesien het, het gehardloop – die woord “gehardloop” kom drie maal voor. In antwoord op ‘n versoek om die teenstrydigheid te verduidelik, sê sy:

> “Soos u dit sien wil dit vir my voorkom u verwys na hardloop en ek het seker gesê hardloop, maar wat ek gesien het is Michael het na Katjies se kant toe beweeg. So na Katjies toe en dit is die laaste wat ek vir hulle daar gesien het meneer en Dino was al voor, ‘n ent voor hulle. Hy het nie vinnig gehardloop nie.”

Elders beklemtoon sy dat sy hulle in beweging gesien het:

> "Ek het vir hulle gesien beweeg op sekere plekke U Edele en hulle was in beweging gewees."

Op haar weergawe van Bewysstuk "W" het sy aangetoon dat die laaste wat sy van beskuldigdes een, vyf en sewe gesien het, was toe hulle in die rigting van woonstelblok A beweeg het. Sy is toe by die woonstel in en "ek het nie gekyk in watter rigting hulle hardloop nie, ek kan nie vir u sê nie." Haar getuienis is dus nie teenstrydig met dié van ander getuies wat gesien het dat die beskuldigdes die omgewing verlaat deur tussen woonstelblokke B en C weg te hardloop.

Haar stelling dat die persone wat sy waargeneem het, gehardloop het, is inderdaad 'n teenstrydigheid wat sy nie bevredigend verduidelik het nie. Dit is egter nie, na ons oordeel, 'n teenstrydigheid wat die geldigheid van haar waarneming ondermyn nie.

Ek het reeds verwys na Mev Masoet se getuienis dat Kiddo op die toneel 'n kapbeweging met sy hande gemaak het en dat dit gelyk het asof hy 'n rewolwer in sy hand het. In haar verklaring aan die polisie sê sy "dit het voorgekom asof hy dit 'gecock' het". In haar getuienis het sy nie die woord "cock" gebruik nie. Sy het wel die kapbeweging geïllustreer wat sy gesien het en vir my as leek het dit gelyk soos die beweging wat gemaak word as 'n magasyn in die kolf van 'n outomatiese pistool ingedruk word. Sy het getuig dat sy niks van vuurwapens af weet nie -- sy ken nie eers die verskil tussen 'n rewolwer en 'n pistool nie. 'n Mens wonder dus of die woord "cock" nie afkomstig is van die polisiebeampte wat die verklaring afgeneem het nie? Hoe dit ookal sy, hierdie is een van daardie sydelingse opmerkings wat soms in verklarings of getuienis verskyn wat die akkuraatheid van die res van die waarneming bolwerk.

Ons is van oordeel dat Mev Masoet, wat betref haar waarnemings die aand van die skietery, 'n eerlike en betroubare getuie is. Haar identifikasie van beskuldigdes een, twee en drie op die toneel word gekorroboreer deur ander

getuies.

Mev Masoet is die enigste getuie wat beskuldigdes vyf, ses en sewe op die toneel plaas. Tydens die aansoek om die ontslag van beskuldigdes vyf en sewe aan die einde van die Staat se saak is daar betoog dat haar getuienis as enkelgetuie veel te wense oorlaat. Vanweë die debat rondom die kwaliteit van Mev Masoet se getuienis was ons van oordeel dat dit ongewens sou wees as ons op daardie stadium 'n bevinding maak oor die aanvaarbaarheid van gedeeltes van haar getuienis. Vandaar dat die aansoek om ontslag geweier is. Nou, aan die einde van die Staat se saak en nadat ons al die getuienis aangehoor en oorweeg het, aanvaar ons dat sy wel beskuldigdes vyf en sewe ná die skietery naby die hoek van woonstelblok B gesien het. Sy het nie wapens by beskuldigdes vyf en sewe gesien nie.

*(iv) Die waarnemings vanuit woonstelblok A*

Op die aand van die gebeure was die oorledene aanvanklik in die geselskap van 'n aantal jong vroue, te wete, Michelle Petersen, Barbara Petersen, Edith Petersen, Adeline Brown ("Muis"), Maria Demas ("Bubbles") en Sandra September. Sandra se woonstel is op die middelvloer van woonstelblok A. Die woonstel word met 'n X gemerk op foto 27 in Bewysstuk "S". Die kombuis en badkamervensters van Sandra se woonstel bied 'n uitsig in die rigting van woonstelblok D. 'n Persoon wat uit die kombuisvenster in die rigting van woonstelblok D kyk, sal die lengte van woonstelblok E aan die regterkant sien, en aan die linkerkant die bo-punt van woonstelblok B. In die oop gebied tussen woonstelblokke A, B en E is daar 'n spreilig. Die skaduwee van die mas van hierdie spreilig is sigbaar op die lugfoto Bewysstuk "Y".

*Michelle Petersen* het getuig dat hulle almal 'n tydlank saam in Sandra se woonstel gesit en gesels het. Michelle en die oorledene is daar weg om bier te gaan koop by 'n taverne. Hulle het teruggekom en Sandra het vir hulle kos gemaak. Die oorledene is daarna daar weg en kort ná sy vertrek het die skote begin afgaan.

Toe die skote afgaan, het Muis en Bubbles op die wasbak in die kombuis geklim om by die kombuisvenster uit te kyk. Edith en Barbara was in die badkamer. Sy wat Michelle is, was in die gang. Barbara se kind het begin huil. Michelle het die kind vir Barbara gegee en sy (Michelle) is toe na die badkamervenster.

Sy het beskuldigde een met 'n lang "gun" in die hand gesien; beskuldigde twee wat besig was om te skiet en ook beskuldigde drie. Sy het op haar weergawe van Bewysstuk "W" aangetoon waar sy die drie beskuldigdes gesien het: M dui op beskuldigde een; R op beskuldigde twee, en P op beskuldigde drie. Sy het ook op Foto 3 in Bewysstuk "KK" met P aangetoon waar sy beskuldigde drie gesien het, en met 'n R op Foto 7 waar sy beskuldigde twee gesien het.

Sy het 'n persoon onder die trap by woonstelblok D sien skiet. Die persoon se rug was na haar gekeer. Toe die persoon onder die trap uitkom en opkyk, toe sien sy, sy gesig en erken beskuldigde twee. Beskuldigde drie het na beskuldigde een gehardloop toe die skietery bedaar. Beskuldigde een het geval en toe hy regop kom het sy hom in sy gesig gekyk. Beskuldigdes een en drie het tussen woonstelblokke B en C verdwyn. Toe hulle weghardloop het sy vuurwapens by hulle gesien.

Michelle is in kruisondervraging gekonfronteer met die verklaring wat sy die dag ná die skietvoorval aan die Polisie gemaak het. Ek het reeds na hierdie verklaring verwys. In die verklaring sê sy onder meer dat sy die badkamervenster oopgemaak het en vir Jason, Abbie, Zarak, Ghadaffi en Ougat buite woonstel 115 gesien het. Uit haar getuienis blyk dit dat sy vroeër die aand die groepie daar sien staan het – sy en Jason het inderdaad ‘n rukkie by hulle gestaan en gesels toe hulle na die taverne is om bier te gaan koop. Die wyse waarop haar verklaring afgeneem is laat ‘n mens wonder of die opskrifsteller daarvan nie mededelings wat sy aan hom gemaak het, “gekonsertina” het nie?

In haar getuienis het Michelle gesê dat sy beskuldigdes een, twee en drie met wapens gesien het maar dat sy net beskuldigde twee sien skiet het. In haar verklaring word vermeld dat sy gesien het hoe hulle –

> “elk ‘n vuurwapen in hulle hande het en skote op die bovermelde persone skiet en daarna op die vlug slaan”.

‘n Mens het weer eens te make met die opskrifsteller se bewoording: Michelle het klaarblyklik nie gepraat van “bovermelde persone” nie en ek betwyfel dit sterk of sy die frase “en daarna op die vlug slaan” gebruik het. Michelle het in haar getuienis in hoof te kenne gegee dat sy nie tevrede is met die indruk wat geskep word dat sy al drie van hulle sien skiet het nie.

Na ons oordeel doen die verskille tussen haar verklaring en haar getuienis in die Hof nie af aan haar geloofwaardigheid nie. Sy was inderdaad 'n voortreflike getuie wat in kruisondervraging met vertroue en sekerheid op vrae geantwoord het.

*Barbara Petersen* het na die badkamer gegaan toe die skietery begin. Sy het by die venster uitgekyk en beskuldigde twee, met 'n groot vuurwapen in sy hand, om die hoek by woonstel B sien kom. Sy het die plek waar sy hom gesien het, met 'n asterisk (stervormige X) gemerk op haar weergawe van Bewysstuk "W".

Daar was nog vier ander mense ook wat sy nie kon erken nie. Sy sê dat sy beskuldigde drie aan sy manier van hardloop erken het. Sy het toegegee dat haar identifikasie van beskuldigde drie moontlik nie korrek is nie.

Sy bevestig dat sy na haar kind, wat begin huil het, in die slaapkamer gegaan het.  Michelle toe haar plek by die venster in die badkamer ingeneem.

*Maria Demas (“Bubbles”)* het, soos reeds vantevore vermeld, gesê dat sy die betrokke aand vreeslik bang was en dat sy "vandag nog" op haar senuwees is. Sy was opvallend vreesbevange toe sy getuig het en het die indruk geskep dat sy so min as moontlik probeer sê.

Sy het bevestig dat toe die skietery begin, Muis op die wasbak in die kombuis geklim het om by die venster uit te kyk. Sy het Muis van die venster weggetrek en self net 'n oomblik uitgekyk. Sy het 'n persoon met 'n lang vuurwapen in die omgewing van die piering gesien. Sy het hom gesien net voor die trappe waar daar geskiet was. Sy kon die persoon nie uitken nie.

Nadat die geskiet opgehou het, is sy saam met die ander na die toneel by woonstelblok D. In die omgewing van die piering het sy patroondoppies opgetel wat sy aan die Polisie oorhandig het.

*Adeline Brown ("Muis")* wat saam met die ander vroue in Sandra se woonstel was, en wat volgens Michelle en en Muis by die kombuisvenster uitgekyk het, het die volgende dag 'n verklaring aan die Polisie gemaak. Sy is op 2 Julie 1999 in Ilexlaan, wat vlak by Chestnut Place is, doodgeskiet.

**<u>Samevatting van waarnemings</u>**

Die waarnemings ten opsigte van identiteit wat die getuies gemaak het, kan soos volg saamgevat word:

*Die geskiet van die kant van woonstelblok B.*

Toe die skietery begin --

> sien Cheese twee mans wat skiet om die hoek by woonstel B kom
>
> sien Ghadaffi twee mans wat skiet om die hoek by woonstel B kom

sien Zarak twee persone om die hoek by woonstel B kom -- hy erken beskuldigde twee maar nie die ander persoon nie

sien Abbie twee persone om die hoek by woonstel B omkom -- hy erken beskuldigde twee maar nie die ander persoon nie

sien Barbara Petersen beskuldigde twee om die hoek by woonstel B kom, gevolg deur vyf ander persone, een waarvan sy aanvanklik as beskuldigde drie uitken, maar toegee dat sy kon fouteer. Dit is verstaanbaar waarom sy die ander persone gesien het wat agter beskuldigde twee volg terwyl diegene by die vuur hulle nie gesien het nie. Laasgenoemde groep was in die vuurlyn en het begin weghardloop -- sy het van die tweede vloer van 'n woonstelblok die gebeure gadegeslaan soos die groep voor haar verby beweeg het in die lig van die nabygeleë spreilig.

*Die geskiet van die gebied tussen woonstelblokke B en C*

Lwellyn Isaacs sien twee persone van die rigting van Chestnutweg tussen woonstelblokke B en C beweeg in die rigting van woonstelblok D. Een van die persone erken hy as beskuldigde een.

Zarak sien op sy pad na woonstel 115 twee persone aankom tussen woonstelblokke B en C in die omgewing van die mas van die spreilig.

Abbie, wat agter Zarak hardloop en laaste by die woonstel in is, sien twee persone tussen woonstelblokke B en C, maar nou reeds by die punt van woonstelblok C wat naaste aan woonstelblok D is. Hy erken beskuldigdes een en drie.

*Die geskiet by die ingang van woonstel 115*

Zarak sien vanuit sy posisie in die kombuis hoe 'n skadufiguur met 'n lang vuurwapen by die voordeur van die woonstel na benede skiet

Abbie sien, die rukkie wat hy in die kombuis was, die skaduwee van 'n persoon met 'n lang vuurwapen in sy hand wat skiet na iemand wat op die grond lê

Michelle Petersen, wat posisie by die badkamervenster inneem nadat sy Barbara se kind aan haar oorhandig het, sien 'n persoon (wat sy leter eien as beskuldige twee) wat onder die trap by woonstel 115 na benede skiet

Hierdie getuienis word bevestig deur die getuienis van die Polisie en van Dr Basson -- talle afgevuurde patroondoppies is gevind by die ingang na woonstel 115 waar die oorledene se liggaam aangetref is met, onder meer, agt skote wat van agter op hom geskiet is.

Ná die skietery, sien Michelle Petersen beskuldigde 1, 2 en 3 op die toneel in die omgewing van die prering, en sien Mev masoet beskuldigdes 1, 2, 5, 6 (Kido) en 7 op die toneel in die omgewing van die piering.

**<u>Motief</u>**

Abbie beskryf die motief van die aanval soos volg:

> Hoekom dink u was daar geskiet daardie aand? --- Volgens my, Edelagbare, wou hulle daardie aand vir my kom doodskiet het want ek was ‘n getuie in ‘n vorige moordsaak waarin beskuldigde 1, nommer 2, en beskuldigde 5 betrokke was, U Edele. Die moord van Eugene Brown.

Hoekom dink u daardie aand was vir u bedoel? --- Want Ricardo Wepener-hulle was in hegtenis op die moord van Eugene Brown toe het hulle uitgekom op ‘n borgtog.

Weet u hoe lank hulle in hegtenis was? --- So ongeveer ‘n jaar lê hulle op remand.

Weet u hoe lank hulle op borg was op die stadium toe hierdie aanval plaasgevind het? --- Ek dink so – dit kan wees so moontlik drie weke, kan langer ook wees, as ek nou moet skat.

Llewellyn Isaacs bevestig hierdie standpunt oor die motief. Hy sê dat ‘n vriend van hom ‘n jaar voor die voorval doodgeskiet is (Eugene Brown is op 15 Augustus 1998 doodgeskiet). Van sy vriende was getuies in die saak en beskuldigde twee was ‘n aangeklaagde in die saak. Hy dink dat die Sexy Boys het die aand gekom om sy vriende te skiet wat sou getuig in die saak.

Ook Ghadaffi het aangeneem dat die motief agter die skietery 'n poging was om Abbie elimineer.

**<u>Sameswering</u>**

Die beskuldigdes voer aan dat die getuienis deel is van 'n komplot aan die kant van die uitgebreide Brown-familie om hulle valslik te inkrimineer. In argument is daar selfs gesuggereer dat die oorledene deur die lede van die Firm doodgeskiet is, maw sy dood is georkestreer ten einde 'n situasie te skep wat voor die deur van die beskuldigdes gelê kan word. Hierdie gedagte het op die laaste dag van die verhoor in argument opgeduik en is nie tydens die verhoor in ondervraging of kruisondervraging ge-eksploreer nie.

Daar is ook aangevoer dat van die getuies hul eie getuienis aangepas by die getuienis van ander getuies, en dat afwykings van polisieverklarings hieraan toegeskryf kan word.

Daar is in argument aangevoer dat al die getuies wat vóór Mev Masoet getuig het seker was dat al die ligte, insluitend die straatligte gewerk het. Daar word voorts aangevoer dat nadat Mev Masoet se aandag gevestig is op fotos 26 en 27 in Bewysstuk “S” waarop dit lyk dit asof op die aand van die gebeure, sekere van die straatligte nie gebrand het nie, het die getuies wat ná haar getuig het, hul getuienis aangepas. Dit is nie heeltemaal korrek nie. Cheese en Oudste verwys net na die spreiligte. Alhoewel hulle van mening was dat die straatligte gebrand het, het Ghadaffi, Zarak en Abbie beklemtoon dat die beligting goed was omdat – en ek beklemtoon dit -- die **spreiligte** gebrand het. Dit is nie vir ons duidelik hoe die latere getuies sou weet in watter mate hulle hul getuienis moet aanpas nie. Die suggestie in argument dat dat die vervolging 'n rol in hierdie verband gespeel het, verwerp ons sonder meer.

Daar is aangevoer dat die "kontaminering" van Michelle Petersen se getuienis veral groot is omdat sy in haar verklaring "vermeld dat die

straatligte gewerk het". Dit is nie wat sy in haar verklaring sê nie. Sy sê:

> "Die hele woonstel kompleks is buite helder verlig deur 'n straatlamp".

As daar in gedagte gehou word dat daar in die oop gebied tussen woonstelblokke A, B en E 'n spreilig is, en dat die mas van hierdie spreilig, en die helder verligte gebied onder die spreilig, direk in die gesigveld was van die vroue wat die gebeure vanuit woonstelblok A gadegeslaan het, is dit waarskynlik dat die verwysing in haar verklaring na **'n** (enkelvoud) straatlamp wat die woonstelkompleks buite helder verlig het, 'n verwysing was na hierdie spreilig.

Die redes wat vir die beweerde sameswering aangevoer word is uiteenlopend van aard. Enersyds word aangevoer dat 'n komplot is aan die kant van die Brown-familie teen die Booysen-familie, spesifiek dan omdat die Booysens se wettige drankwinkel deur die onwettige drankhandel van die Brown familie se smokkelhuise ondermyn word -- die teenoorgestelde kan natuurlik ewe-eens waar wees. Andersyds word daar, veral deur beskuldigde een, aan die sameswering 'n breër grondslag gegee -- dit is ‘n sameswering van die Firm, waarvan die Browns lede is, om van die Booysens, en in die besonder beskuldigde een, ontslae te raak. Beskuldigde een het in sy getuienis die oortuiging uitgespreek dat die aanslag op sy jonger broer eintlik teen hom gemik was, en dat die Firm hom wou elimineer nadat hy en sy broer hulle aan CORE onttrek het.

Hoe die komplot gesmee sou gewees het, is nie vir ons duidelik nie. Die komplot moes op die een of ander manier reeds op die oggend van die dag ná die moord beslag gekry het want Michelle en Barbara Petersen het toe reeds hul verklarings aan die polisie gemaak. Al sou 'n mens aanvaar dat iemand soos Abbie later by die komplot betrek sou kon word, is die betrokkenheid van Mev Masoet by die komplot moeilik verklaarbaar. Nie net sou dit beteken dat die getuienis wat sy moet aflê aan haar voorgesê is nie, maar haar suster sou ook deel van die komplot moes wees want dit is

haar suster wat uiteindelik gesorg het dat sy by die polisie uitkom om 'n verklaring te maak.

**Gevolgtrekking**

Ons gevolgtrekking is dat die Staat getuienis aangebied het wat onomwonde daarop dui dat beskuldigdes een, twee en drie die aand op die toneel was, gewapen was en geskiet het. Die beskuldigdes kan egter slegs skuldig bevind word as daar bevind word dat hul weergawes nie redelik moontlik waar kan wees nie.

**<u>Die beskuldigdes: bendeverbintenisse</u>**

Daar is in die getuienis aangevoer dat die beskuldigdes lede is van die Sexy Boys en dat beskuldigde een die leier is van die bende. Die beskuldigdes het hierdie aantyging heftig ontken.

Die saak gaan nie daaroor of die beskuldigdes lede van 'n bende was nie, maar of hulle die betrokke aand op die toneel was toe die oorledene doodgeskiet is. Hul bendeverbintenisse is slegs van belang in soverre dit deel vorm van die algemene agtergrond. Hul ontkenning van hul bendeverbintenisse, en in die besonder beskuldigde een se ontkenning van sy leiersrol, kan egter 'n invloed hê op die evaluering van hul algemene geloofwaardigheid.

‘n Bende hou geen register van sy lede nie. Bendelede dra nie lidmaatskap-kaarte nie. Daar is geen notule van ‘n vergadering waarop die leier van ‘n bende verkies is of aangewys is nie. Bewys dat ‘n persoon lid is van ‘n bepaalde bende kan slegs op indirekte wyse geskied. Getuienis dat ‘n persoon in ‘n gemeenskap bekend is as lid van ‘n bende, is ten spyte van die hoorsê-aard daarvan, noodwendig deel van die bewysmateriaal wat in totaliteit beoordeel moet word. So sê Kaptein Stoffels, wat lank lid was van

die bende-ondersoek-eenheid in die Wes-Kaap, van beskuldidigde een dat –

> "uit die aard van my werk en ondervinding van hierdie bende gebeure in die Wes-Kaap was Mnr Booysen algemeen bekend op die lippetaal van bendes dat hy die leier was van die Sexy Boys bendegroepering …."

*Beskuldigde een*

Afgesien van die algemene persepsie in die gemeenskap dat beskuldigde een 'n leiersfiguur is van die Sexy Boys, is daar ander getuienis wat oorweldigend dui op beskuldigde een se lidmaatskap en leierskap van die Sexy Boys.

Kaptein Stoffels, in sy hoedanigheid as lid van die bende-ondersoek-eenheid, het beskuldigde een as leier van die Sexy Boys beskou. Kaptein Marx het getuig dat beskuldige een gedurende 1998 deur Inspekteur Schaeffer aan hom voorgestel is as leier van die Sexy Boys en dat beskuldigde een teenoor hom erken het dat hy saam met sy broer die hooflid is van die Sexy Boys.

Verskeie getuies, Abbie, Ghadaffi, Llewellyn en Michelle Petersen het getuig dat tydens 'n CORE vergadering by Chestnut Place, waar al die belangrikste bendeleiers teenwoordig was, beskuldigde een uitdruklik aan die vergaderde gemeenskap verklaar het dat hy die leier is van die Sexy Boys.

Die rol van beskuldigde een in Belhar as leier van die dominante bende blyk, op miskien lasterlike wyse, uit die getuienis van Llewelyn Isaacs. Toe daar aan hom gestel is dat hy beskuldigde een op 'n stadium gedreig het, het hy geantwoord: "Hoe kan ek Michael Booysen dreig? Hy is dan die Here homself!"

Beskuldigde een gee te kenne dat hy en sy broer by CORE betrek is vanweë die prominente posisie wat die Booysen-familie in Belhar beklee het as sakeleiers en leiers op die gebied van sport, veral deur hul betrokkenheid by die Belhar rugbyklub. Beskuldigde een se broer Jerome was die

ondervoorsitter van die raad of uitvoerende komitee van CORE. Beskuldigde een het ook toegegee dat hy en sy broer lede van CORE gebly het toe die organisasie begin het om beskermingsgeld van smokkelhuise en taxi-operateurs te hef.

Ná die Booysens se onttrekking van CORE word daar 'n oorlog teen hulle gevoer. Beskuldigde een voer aan dat die Firm oorlog teen die Booysens gevoer het omdat hulle nie beskermingsgeld wou betaal nie. Daar bestaan by ons geen twyfel nie dat hulle nie beskermingsgeld 'n mededingdende bendegroep wou betaal nie en dat die volskaalse oorlog wat uitgebreek het, 'n bende-oorlog was.

Ek het vroeër gesê dat ek sal terugkom na die tweede vredespoging wat CORE II genoem word. Binne die raamwerk van hierdie vredespoging het daar 'n besoek aan die Helderstroom gevangenis plaasgevind waarop daar uitvoerig in die getuienis ingegaan is. Die besoek is ge-inisiëer deur Pastoor Martin, 'n familievriend van die Booysens. Hy het Abbie Tarentaal genader het met die versoek om hom te vergesel op 'n besoek aan die Helderstroom gevangenis waar beskuldigde een indertyd verhoorafwagtend aangehou is op verkeie aanklagte van moord.  Verskeie ander persone, onder andere Riaan Clifford en Ruduwaan Cassiem en 'n koerantman, het die besoek meegemaak. Die groep was blykbaar verteenwoordigend van die Dixie Boys en die Back Street Kids. Die doel van die besoek was om vrede tussen die strydende bendes te bewerkstellig. Die presiese besonderhede van die voorstelle wat tydens die samesprekings gemaak is en die onderhandelinge wat daarop gevolg het, is in geskil. Volgens Abbie Tarentaal was die voorstel dat hy 'n verklaring aan die polisie maak dat die aantygings teen beskuldigdes een en twee in die sake waarop hulle tereg staan, voortspruit uit 'n sameswering aan die kant van die Brown familie. As hy so 'n verklaring sou maak, sou beskuldigde een sorg dat sy vader die aanklag van poging tot moord teen Abbie Tarentaal terugtrek. Beskuldigde een stem tot 'n mate saam maar voer aan dat die inisiatief vanaf die kant van Abbie Tarentaal gekom het.

Dit is nie nodig om al die feitegeskille rondom die Helderstroom besoek te probeer oplos nie. Vrede tussen die bendes in Belhar sou slegs bewerkstellig kon word as die Sexy Boys en die leierskap van die Sexy Boys by die proses betrek word. Dit is duidelik dat Pastoor Martin van oordeel was dat vrede

nie sonder die betrokkenheid van beskuldigde een bewerkstellig sou kon word nie. Daar bestaan by ons geen twyfel nie dat beskuldigde een by die proses betrek is in sy hoedanigheid as leier van die Sexy Boys.

Abbie Tarentaal en Ruduwaan Cassiem het albei getuig dat beskuldigde een gedreig het dat as sy voorstelle oor die terugtrek van die aanklagte nie aanvaar word nie, hy 'n "army" teen die mense van Chestnut Place sal instuur. Die onderhandelinge het op niks uitgeloop nie.

*Beskuldigde twee*

Cheese getuig dat beskuldigde twee hom aangerand het omdat hy (Cheese) verbintenis met die 28 bende gehad het. Hy verwys ook na die gebruik deur beskuldige twee van die uitdrukking wat skynbaar kemerkend van die Sexy Boys is: "Hosch jy … jy vat vir die Sexy Boys vir 'n naai".

Cheese en Llewellyn getuig dat beskuldigde twee 'n sweetpak gedra het met die woorde "Sexy Boy" en "Hit the Dutchman" daarop.

Die getuies is dit eens dat beskuldigde twee gereeld "uitgehang" het by die Sexy Boys se vergaderplek, en dat hy deelgeneem het aan die bendebedrywighde van die Sexy Boys: skietery, aanrandings ens.

In sy getuienis ten behoewe van beskuldigde twee tydens vroeëre borgverrigtinge het Mnr Albertyn gesê dat beskuldigde twee "vir die bende gwerk het" in die "games-shop" van Mnr Leon Smal. In sy getuienis in hierdie Hof het Mnr Albertyn, beskuldigde twee se verbintenis met die Sexy Boys probeer afskaal.

Daar bestaan by ons geen twyfel nie dat beskuldigde twee lid was van die Sexy Boys.

*Beskuldigde drie*

Cheese en Abbie getuig dat beskuldigde drie 'n sweetpak gehad het waarop die woorde "Sexy Boy" voorgekom het.

Volgens Llewellyn het beskuldigde drie tydens besoeke by Chestnut Place die Sexy Boy frase gebruik" "Hosch, hosch ama sex".

Micehelle Petersen het getuig dat beskuldigdes twee, drie, vyf en sewe by haar niggie, Nadia Foutie, gebraai het en daar gespog het met hul lidmaatskap van die Sexy Boys (daar sal onthou word dat beskuldigde twee 'n verhouding mat Nadia gehad het en dat hulle saam betrokke was by smokkelbedrywighede). Sy sê ook dat beskuldigde drie haar meegedeel het dat hy 'n lid is van die Sexy Boys terwyl hy met 'n vuurwapen gespeel het.

Daar moet in gedagte gehou word dat bendelidmaatskap nie 'n geheim was nie. Soos reeds vantevore aangetoon, die mense het mekaar geken en in dieselfde gemeenskap beweeg.

**Alibis**

Die beskuldigdes ontken almal dat hulle op die betrokke aand by Chestnut Place was. Elkeen steun op 'n alibi wat hulle elders plaas op die tyd waarop die misdaad gepleeg is.

Die benadering wat gevolg moet word by die evaluering van alibi-getuienis is soos volg uiteengesit in *S v Malefo* 1998 (1) SASV 127 (W) op 158í—158d (ek laat die verwysings na gesag weg wat in die aangehaalde passasie voorkom):

"1. Wanneer 'n alibi as verweer geopper word rus daar geen bewyslas op 'n beskuldigde om die alibi te bewys nie ……;

2. indien 'n redelike moontlikheid bestaan dat die alibi waar kan wees het die Staat hom nie van sy bewyslas gekwyt nie en moet die beskuldigde die voordeel van die twyfel toekom …..;

3. elke alibi moet aan die hand van die totaliteit van die getuienis en die hof se indrukke van die getuienis beoordeel word …..;
4. indien daar identifiserende getuies is moet hulle nie net eerlik wees nie maar hulle uitkenning van 'n beskuldigde moet betroubaar wees …..;
5. die toets bly egter of die Staat bo redelike twyfel bewys het dat die tersaaklike misdryf deur die beskuldigde gepleeg is -- as die beskuldigde versuim om te getuig of a valse alibi opwerp kan dit die getuienis teen hom versterk."

Dat versuim om te getuig of die opwerp van ‘n vals alibi, die getuienis teen ‘n beskuldigde kan versterk, word beklemtoon deur Holmes AR in *S v Nkombani and Another* 1963 (4) SA 877 (A) op 893G. Die versuim om te getuig of die opwerp van die vals alibi is nie ‘n addisionele stukkie getuienis teen die beskuldigde nie, maar dit kan die oorredingskrag van die Staat se *prima facie* saak versterk en groter gewig daaraan verleen.

*Beskuldigde een* voer aan dat hy die aand aan 'n "pool" kompetisie deelgeneem het in Kraaifontein. Hy het gereeld op Maandae en Woensdae-aande daar gespeel. Hy is 'n goeie speler en het die aand in die finaal verloor teen die destydse Boland kampioen. Omdat sy motor nie beskikbaar was nie, het hy Mnr Gerhard Stofberg gevra om hom na op te laai as hy na die kompetisie gaan. Mnr Sofberg het hom teen ongeveer 7nm by die huis opgelaai en hom ná die kompetisie teen ongeveer een-uur op die oggend van 22 Junie by die sy ouerhuis besorg waar hy indertyd gewoon het. Beskuldigde een se swaer, Leon Smal ("Smallie"), wat naby beskuldigde een se ouerhuis in Belhar woon, het ook aan die kompetisie deelgeneem.

Mnr Stofberg het getuig dat hy gereeld saam met beskuldigde een in die Maandag en Woensdag kompetisies gespeel het. Hy het op 21 Junie 1999 vroeër die dag by beskuldigde een by die drankwinkel in Belhar aangedoen. Hulle het 'n paar spelle "pool" gaan speel in die naby-geleë "game-shop" wat deur beskuldigde een se swaer bedryf word. Hy het bevestig dat hy later beskuldigde een op versoek opgelaai het en ná die kompetisie weer tuis besorg het in die vroeë oggendure van 22 Junie 1999. Mnr Stofberg woon in Durbanville maar het gedurende die dag van 21 Junie in Delft en omgewing gewerk.

Volgens Kaptein Marx het beskuldige een het nie by sy arrestasie gemeld het dat hy nie op die toneel was nie en hy het op beskuldigde een se waarskuwingsverklaring (Bewysstuk "YY") aangeteken dat die beskuldigde sy swygreg uitgeoefen het en gesê het dat hy nie in die afwesigheid van sy regsverteenwoordiger wil praat nie.

Beskuldigde een sê dat hy op 22 Junie 1999, toe hy verneem dat hy verdink word van die moord die vorige aand, vir Stofberg gebel het. Stofberg sê dat sy reaksie op die telefoonoproep was dat dit onmoontlik is dat beskuldigde een die vorige aand op 'n moordtoneel kon gewees het, en dat hy beskuldigde een meegedeel het dat as hy hom nodig het, moet hy hom skakel. Daarna word daar weer in Augustus 2002 met Stofberg in verbinding getree.

Vanaf sy arrestasie op 23 Junie 1999 tot Augustus 2002 word daar dus niks gedoen om getuienis te verkry of te bewaar ten aansien van beskuldigde een se alibi nie. Dit ten spyte van die feit dat die saak oorspronklik vir verhoor op die rol geplaas is in Mei 2002. Ná meer as drie jaar verhoorafwagtend in die gevangenis doen beskuldigde vir die eerste keer in Augustus 2002 iets ivm sy alibi by wyse van 'n telefoonoproep. Geeneen van die ander persone wat die aand by die kompetisie was word genader nie; beskuldigde een se meisie en swaer word nie geroep as getuies nie. Volgens beskuldigde een en Stofberg word die deelnemers aan die kompetisie telkens in 'n boek aangeteken. Tydige optrede aan die kant van beskuldigde een kon verseker het dat die inskrywing in daardie boek behoue bly (die plek waar die kompetise gehou is, is intussen gesluit).

Stofberg se getuienis klink met die eerste oogopslag oortuigend en is op

oortuigende wyse gelewer. By nadere analise blyk dit dat hy met oortuiging die gebeure tydens die "pool" kompetisie kon beskryf het want hy het slegs beskryf wat gereeld gedeur het. Vir iemand wat reeds die volgende dag daarop attent gemaak is dat sy getuienis oor die vorige aand se kompetisie nodig mag word, toon sy herinnering 'n merkwaardige gebrek. Stofberg bevestig dat beskuldigde een 'n goeie "pool" speler is en dat hy die meeste van die tyd wen. Die feit dat die beskuldigde daardie aand, anders as die meeste van die tyd, nie gewen het nie kan hy nie onthou nie.

Beskuldigde een is slegs by hierdie een geleentheid deur Stofberg 'n geleentheid gebied na die kompetisie. Inderdaad is Belhar, waar beskuldigde een woon, ver uit die pad van Stofberg wat in Durbanville woon.

Nadat die verdediging hul sake gesluit het, het die Staat aansoek gedoen vir heropening van die Staat se saak. Ek het die aansoek toegestaan in die lig van die beginsels uiteengesit in *S v Felthun* 1999 (1) SASV 481 (HHA) en op grond van die volgende feite:

Beskuldigde een het aan die begin van die verhoor onskuldig gepleit en te kenne gegee dat sy verweer op ‘n alibi berus. Geen besonderhede is gegee nie.

Die alibi is gestel aan die getuies wat hom op die toneel geplaas het (Abbie, Llewellyn, Mev Masoet). Daar is aan hierdie getuies gestel dat beskuldigde een nie op die toneel kon gewees het nie omdat hy die betrokke aand aan ‘n “pool”-kompetisie in Kraaifontein deelgeneem het. Geen verdere besonderhede is gegee op daar die stadium nie. Die besonderhede van die alibi het eers na vore gekom toe beskuldigde een en Mnr Stofberg getuig het. Die Staat het nie die geleentheid gehad om die besonderhede van die alibi te ondersoek voordat beskuldigde een en Mnr Stofberg getuig het nie.

Die Staat het Me Yeolandy Strydom as getuie geroep. Behalwe dat sy meegedeel is dat sy in 'n moordsaak moet kom getuig, het sy geen kennis gedra van die besonderhede van die saak nie. Sy het getuig dat sy ‘n kroeg onder die naam Yeolandy’s in Arcadia, Kraaifontein bedryf het.

Verskillende kompetisies is saans by die kroeg gehou. Maandae-aande is ‘n liga-kompetisie in elektroniese veerpyltjies (“darts”) gehou. Woensdae-aande was die aand vir “pool”-kompetisies. Vanweë gebrek aan ruimte kon ‘n elektroniese darts kompetisie en ‘n “pool”-kompetisie nie gelyktydig gehou word nie. Inderdaad is die “pool”-tafels tydens die elektroniese veerpyltjie kompetisies gebruik om verversings op uit te pak.

Me Strydom ontken die getuienis van Mnr Stofberg dat hy by die kroeg uitgehelp het, gehelp het om orde te handhaaf as daar moeilkheid is en dat hy in vir haar gewag het as sy saans die kroeg sluit en agter haar aan gery het tot naby haar huis.

Nadat Me Strydom haar getuienis in hoof afgehandel het, het Mev Smit namens beskuldigde een gevra dat die saak afstaan sodat sy verder kan konsulteer in die lig van die getuienis van Me Strydom. Ek het die saak laat afstaan tot Maandag 23 Junie.

Die verdediging het daarna vir Okkert Hansen en Tertia Mahoney as getuies geroep. Hulle is die vorige Donderdag of Vrydag deur Mnr Stofberg genader om namens beskuldigde een te getuig. Volgens Hansen is hulle gevra om te getuig dat Booysen Maandae en Woensdae by die kroeg pool gespeel het. Mnr Stofberg was teenwoordig in die Hof toe Me Snyman getuig het.

Hul getuienis is nie van 'n gehalte wat die getuienis van Me Strydom, wat die kroeg bedryf het, kan ontsenu nie. Mnr Hansen kon nie onthou of hy die vorige Donderdag of Vrydag genader is om te getuig nie, maar hy gee voor om te onthou wat vier jaar gelede gebeur het. Tog kon hy nie onthou wanneer Evelyn, die vrou wat in die kombuis gewerk het, 'n dag af gehad het nie. Tertia Mahoney weerspreek Hansen in belangrike opsigte; byvoorbeeld, sy bevestig nie dat Mnr Stofberg gehelp het om moeilike klante te hanteer nie. Sy onthou wel dat Stofberg, soos hy getuig het, gereeld warm skyfies by die kroeg geëet het.

In die lig van voorgaande verwerp ons die getuienis dat beskuldigde een op die aand van 21 Junie 1999 by Yeolandy se kroeg pool gespeel het.

*Beskuldigde twee* voer aan dat hy die aand by die huis was. Hy het indertyd

saam met sy niggie en haar man, Mnr en Mev Albertyn, gewoon in ‘n huis geleë te Gazaniastraat 24. Hy het gedurende die dag na die winkels en die “game-shop” gegaan. Teen 5nm was hy weer by die huis want hy het die enigste sleutel van die huis gehad en moes tuis wees om oop te sluit as die Albertyns van die werk af kom. Hulle het tussen 5 en 6 nm teruggekom. Nadat hulle geëet het, het hy ‘n tydlank in sy kamer gelees. Mnr Albertyn het hom gevra of hy na ‘n video wil kom kyk. Terwyl hy en Mnr Albertyn nog besig was om te praat, het hulle skote gehoor. Daarna het hulle die video gaan kyk. Hulle het na een video gekyk en daarna het hy gaan slaap.

Mnr Steve Albertyn het in breë trekke die getuienis van beskuldigde twee bevestig. Volgens Mnr Albertyn het hulle die aand na twee videos gekyk. Hy kan nie onthou waarna hulle gekyk het nie.

Mnr Albertyn was aanvanklik verward oor tye: in sy getuienis in hoof het hy gesê dat die polisie, beskuldigde twee die volgende dag kom arresteer het. Later het hy te kenne gegee dat die arres plaasgevind het in die vroeë oggendure van 23 Junie. Die verwarring tussen 21 en 22 Junie 1999 kom ook na vore in Mnr Albertyn se getuienis wat hy afgelê het ten behoewe van beskuldigde twee by borgverriginge.

Ek het reeds daarop gwys dat in sy getuienis tydens borgverrigtinge Mnr Albertyn gesê dat beskuldigde twee "vir die bende gwerk het" in die "games-shop" van Mnr Leon Smal. In sy getuienis in hierdie Hof het Mnr Albertyn, beskuldigde twee se verbintenis met die Sexy Boys probeer afskaal.

In sy getuienis in die borgverrigtinge sê Mnr Albertyn dat hy beskuldigde twee nie so goed ken nie en dat hy nie geweet het waarom hy voor 23 Mei 1999 vir byna 'n jaar in aanhouding was nie.

Dit is onder hierdie omstandighede merkwaardige toeval dat presies op die oomblik waarop die skote gehoor word, beskuldigde twee en Mnr Albertyn in gesprek met mekaar is.

Die alibi van beskuldigde twee berus op onaanvaarbare getuienis en word verwerp.

*Beskuldigde drie* sê ook dat hy die aand by die huis was. Hy het saam met sy ouers en ouer broer gewoon. Hy was sonder werk en wou die aand sy lot by sy broer bekla en hom vra om hom geldelik te help want hy was werkloos en sy meisie was swanger. Sy broer het teen 5nm by die huis aangekom en te kenne ggee dat hy met hom sal praat as hy van die kooroefening by die kerk terugkom. Sy broer het teen 9nm van die kooroefening teruggekom. Hulle het in die voorhuis gepraat to so ongeveer 11nm. Sy broer het belowe om hom geldelik te help.

Beskuldigde drie het getuig dat hy sy broer gevra het om vir hom te getuig toe sy broer hom 'n week of twee ná sy arrestasie by die Goodwood-gevangenis besoek het. Die laaste kontak wat hy met hom gehad het was "laaste Maandag" toe sy broer hom saam met kinders by die Polsmoor-gevangenis besoek het. [Hierdie getuienis is op Woensdag 18 Junie 2003 gee; "laaste Maandag" was dus waarskynlik Maandag 10 Junie 2003.]

Mnr George Paulsen het bevestig dat beskuldigde drie indertyd by hom te Keurboomlaan 12 in Belhar gewoon het. Mnr Paulsen het getuig dat hy teen ongeveer 2h45 die middag sy vrou by die huis afgelaai het en dat hy weer terug is werk toe. Die beskuldigde het toe teenoor hom te kenne gegee dat hy met hom wil praat. Nadat hy teen ongeveer 9nm van die kooroefening teruggekom het, het hy en beskuldigde drie sowat 'n halfuur gesit en praat. Daarna het hy (George) in die voorkamer gesit tot ongeveer 10h00 of 10h30.

Die gesprek het volgens Mnr Paulsen gegaan oor beskuldigde drie se versoek om hulp met borggeld, as hy dit sou nodig kry, en oor hoe hy dit sou terugbetaal. Beskuldigde drie was in werklikheid op daardie stadium uit op borg op 'n ander aanklag en sou die volgende dag (22 Junie 1999) in die Hof verskyn vir 'n uitstel. Mnr George Paulsen het met beslistheid bevestig dat

hulle die aand net oor borggeld gepraat het.

Mnr Paulsen het verder getuig dat hy aan die begin van hierdie jaar vir die eerste keer genader is om ten behoewe van sy broer te kom getuig. Hy het voorts gesê dat hy hom lanklaas besoek het, na skatting so twee of drie maande gelede.

Mnr Paulsen het ongemaklik voorgekom in die getuiebank. Hy het laat blyk dat hy die polisie ernstig verkwalik oor die wyse waarop hulle sy broer in die vroeë oggendure ge-arresteer het. Hy was ook, tereg, ontsteld omdat vir verskeie dae niemand vir hom wou sê waar sy broer aangehou word nie.

Die verskille tussen die getuienis van beskuldigde drie en dié van Mnr Paulsen is so verreikend dat dit ernstig op die geloofwaardigheid daarvan reflekteer: die twee weergawes is só uiteenlopend dat albei nie waar kan wees nie. Dit maak die getuienis van 'n gesprek tussen die twee broers op 21 Junie 1999 op die tydstip toe die skietery by Chestnut Place plaasgevind het, onaanvaarbaar.

Daar is 'n ander grondslag waarop die alibi van beskuldigde drie verwerp kan word. Mnr Paulsen sê dat die gesprek tussen hom en beskuldigde drie kort was (half-uur), en dat dit net oor die kwessie van borggeld vir beskuldigde drie gehandel het sou hy dit benodig. Op 21 Junie was beskuldigde drie uit op borg of waarskuwing op 'n ander klag en sou hy die volgende dag in die hof verskyn vir ‘n uitstel. ‘n Gesprek oor borggeld skyn weinig sin te maak op die aand van 21 Junie. As die gesprek oor borg die aand van 22 Junie plaasgevind het, sou dit sin maak binne die volgende scenario: tydens die loop van die dag hoor beskuldigde drie, soos van die ander beskuldigdes (oa beskuldigde een) dat die storie die rondte doen dat hy by die vorige aand se skietery betrokke was. Hy verwag dat hy binnekort gearresteer kan word en vra sy broer of hy bereid is om hom van borggeld te voorsien sou hy dit nodig kry. Mnr Paulsen is baie lank na die gebeure vir die eerste keer genader om te getuig en hy kan maklik ‘n bona fide fout maak, veral as dit aan hom gesuggereer was dat die gesprek oor die borg die aand van 21 Junie plaasgevind het.

Die alibi van beskuldigde drie berus ewe-eens op onaanvaarbare getuienis en word verwerp.

**Gevolgtrekking**

Ons bevind dus dat beskuldigdes een, twee en drie op die aand van 21 Junie 1999 gewapend op die toneel was waar die oorledene doodgeskiet is en dat hulle op die toneel geskiet het. Ten opsigte van die aanklag van moord en die aanklagtes van poging tot moord het hulle die gemeenskaplike opset gehad om te dood.

Op die aanklag van poging tot moord op Ismael Hendricks, aanklag drie, is daar geen getuienis aangebied nie en geen skuldigbevinding kan op hierdie aanklag gemaak word nie.

**Besit van wapens en ammunisie**

Aanklagte agt tot vyftien is aanklagte onder die Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969 (hierna "die Wapenswet")

Me Jacobs het te kenne gegee dat die Staat nie vra vir enige skuldigbevinding op aanklagte twaalf tot vyftien nie. Hierdie aanklagte het betrekking op die arsenaal wapens wat op 15 Oktober 1999 gevind is in die houthuisie by Kosmosstraat 61, Bellville-Suid. Hierdie wapens kan nie verbind word aan die beskuldigdes tans voor die Hof nie.

Me Jacobs vra skuldigbevinding van beskuldigdes een, twee en drie aan aanklagte agt, nege, tien en elf.

Aanklag agt is 'n aanklag van oortreding van artikel 2 gelees met artikels 1, 39 en 40 van die Wapenswet deurdat die beskuldigdes op 21 Junie 1999 wederregtelik en opsetlik in besit was van twee vuurwapens wat 9mm kaliber patrone kan afvuur, naamlik een 9mm Vector pistool reeksnommer S003029, sowel as ‘n ander onbekende 9mm pistool, sonder dat enige van

die beskuldigdes die houer was van ‘n lisensie om die wapens te besit.

Aanklag nege is 'n aanklag van oortreding van artikel 32(1)(a) gelees met artikels 1, 39 en 40 van die Wapenswet deurdat die beskuldigdes op 21 Junie 1999 wederregtelik en opsetlik in besit was van wapentuig, te wete ‘n masjiengeweer of soortgelyke wapentuig wat 5.56 rondtes kan afvuur

Aanklag tien is 'n aanklag van oortreding van artikel 36 gelees met artikels 1, 39 en 40 van die Wapenswet deurdat die beskuldigdes op 21 Junie 1999 wederregtelik en opsetlik in besit was van ammunisie, naamlik veertien 9mm patrone.

Aanklag elf is 'n aanklag van oortreding van artikel 32(1)(e) gelees met artikels 1, 39 en 40 van die Wapenswet deurdat die beskuldigdes op 21 Junie 1999 wederregtelik en opsetlik in besit was van wapentuig, naamlik ses-en-twintig 5.56mm patrone wat bestem is om uit 'n masjiengeweer of soortgelyke wapentuig afgeskiet te word

Volgens die getuienis was beskuldigde drie op die aand van 21 Junie 1999 gewapen met 'n handwapen. Daar is met 'n 9mm handwapen geskiet op die toneel en patroondoppies van 9mm kaliber is op die toneel gevind. Ons vind beskuldigde drie onder die omstandghede skuldig op aanklagte agt en tien.

Aanklagte nege en elf het betrekking op die wederregtelike besit van 'n masjiengeweer of soortgelyke wapentuig wat 5.56mm rondtes kan afvuur, en die besit van 5.56mm patrone.

Mev Smit het aangevoer dat die Staat versuim het om bo redelike twyfel te bewys dat die vuurwapens wat gebruik is aan die omskrywing van “masjiengeweer” in artikel 1 van die Wapenswet voldoen. Volgens Die definisie beteken die woord “masjiengeweer” in die Wet —

> “ook ‘n vuurwapen wat onafgebroke vuur kan lewer solank drukking op die sneller toegepas word, hetsy daardie vuurwapen oorspronklik bestem was om op daardie wyse te funksioneer al dan nie.”

Die Staat het die volgende bewys:

1. beskuldigdes een en twee was in besit van "lang" vuurwapens;
2. skote het aanhoudend geval en verskeie getuies het die vuur beskryf as dié van 'n "masjiengeweer";
3. ses-en-twintig 5.56mm afgevuurde doppies is op die toneel gevind;
4. ballistiese ondersoek het getoon dat die 5.56mm kaliber patroondoppies van militêre oorsprong is, en
5. die partoondoppies beskik oor die karaktereienskappe van patroondoppies wat afgevuur is deur R4, R5 en R6 vol-outomatiese aanvalsgewere en LM4, LM5 en LM6 semi-outomatiese gewere.

Die kumulatiewe effek van hierdie getuienis is dat die Staat hom van die bewyslas gekwyt het.

Mev Smit het aangevoer dat daar volgens die getuienis bykans daagliks skietvoorvalle in Chestnut Place was en dat die moontlikheid derhalwe bestaan dat die patroondoppies op 'n ander geleentheid op die toneel kon beland het. Volgens die getuienis is daar ongetwyfeld dikwels by Chestnut Place geskiet ("bykans daagliks" is ietwat oordrewe). Chestnut Place beslaan verskeie woonstelblokke met oop ruimtes tussenin. Daar is sekerlik nie altyd op dieselfde plek geskiet nie. En as daar onmiddelik ná 'n skietvoorval op die toneel van daardie skietvoorval, en rondom die liggaam van die persoon wat in daardie skietvoorval doodgeskiet is, doppies gevind word, dan is die enigste redelike afleiding dat die doppies afkomstig is van die daardie (jongste) skietvoorval.

Beskuldigdes een en twee word derhalwe skuldig bevind op aanklagte nege en elf.

**Bevinding**

Ons bevinding is samevattend dus soos volg:

**Beskuldigdes vyf en sewe word onskuldig bevind op al die aanklagte.**

**Beskuldigde een:** Ons vind beskuldige een skuldig op die volgende aanklagte:

| | |
|---|---|
| Aanklag een: | Moord |
| Aanklag twee: | Poging tot moord (Ruduwaan Cassiem) |
| Aanklag vier: | Poging tot moord (Martin Japhta) |
| Aanklag vyf: | Poging tot moord (Riaan Clifford) |
| Aanklag ses: | Poging tot moord (Adriaan Tarentaal) |
| Aanklag sewe: | Poging tot moord (Mogamat Field) |
| Aanklag nege: | Oortreding van artikel 32(1)(a) gelees met artikels 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969 |

Aanklag elf: Oortreding van artikel 32(1)(e) gelees met artikels 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969

**Beskuldigde twee:** Ons vind beskuldige twee skuldig op die volgende aanklagte:

Aanklag een: Moord

Aanklag twee: Poging tot moord (Ruduwaan Cassiem)
Aanklag vier: Poging tot moord (Martin Japhta)

Aanklag vyf: Poging tot moord (Riaan Clifford)
Aanklag ses: Poging tot moord (Adriaan Tarentaal)
Aanklag sewe: Poging tot moord (Mogamat Field)
Aanklag nege: Oortreding van artikel 32(1)(a) gelees met artikels 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969

Aanklag elf: Oortreding van artikel 32(1)(e) gelees met artikels 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969

**Beskuldigde drie:** Ons vind beskuldige drie skuldig op die volgende aanklagte:

Aanklag een: Moord

Aanklag twee: Poging tot moord (Ruduwaan Cassiem)
Aanklag vier: Poging tot moord (Martin Japhta)

Aanklag vyf: Poging tot moord (Riaan Clifford)
Aanklag ses: Poging tot moord (Adriaan Tarentaal)
Aanklag sewe: Poging tot moord (Mogamat Field)
Aanklag agt: Oortreding van artikel 2 gelees met artikels 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969

Aanklag tien: Oortreding van artikel 36 gelees met artikels 1, 39 en 40 van Wet 75 van 1969

**HJ ERASMUS, R**